


DIE SENDING
van die
Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

'n Historiese oorsig, saamgestel in opdrag van
die Sinodale Deputaatskap vir die Sending

Inhoud

VOORWOORD.....	3
Inleiding.....	4
HOOFSTUK I.....	5
(a) PRETORIA EN DIE SENDING.....	5
(b) PRETORIA-OOS EN DIE SENDING.....	10
(c) PRETORIA-OOS EN -BROOKLYN EN DIE SENDING.....	14
HOOFSTUK 2.....	19
SENDING OP VENTERSTAD EN PHILIPSTOWN.....	19
HOOFSTUK 3.....	21
DIE GEMEENTES OP DIE RAND.....	21
HOOFSTUK 4.....	28
GEMEENTES REDDERSBURG EN BURGERSDORP.....	28
Hoofstuk 5.....	33
VROEËRE SENDING IN ANGOLA.....	33



Kerk op Siloam

VOORWOORD.

Graag voldoen ek aan die versoek van die Sinodale Sendingdeputate om 'n voorwoord vir hierdie gedenkboekie van ons sending te skrywe. In Augustus van hierdie jaar herdenk ons die 25-jarige sendingarbeid op Siloam, anderkant die Soutpansberge. Dan sal ons ook die feit herdenk dat ds. H. du Plessis sy 25-jarige ampsjubileum reeds mag vier. Sy eerw. het 23 jaar as sendingleraar op Siloam gedien en twee jaar op Moroka aan die Wesrand van Johannesburg. Hierdie twee sake was vir die Sinodale Sendingdeputate 'n geskikte geleentheid om in 'n eenvoudige gedenkboekie 'n historiese oorsig te laat verskyn van die sendingwerk van ons kerk. Soos ons weet is ons sendingwerk reeds meer as 'n halwe eeu oud. Ons het hier egter meer in die besonder te doen met die georganiseerde sending soos dit in die Soutpansberge ontstaan het. Hier wil ons oudl. A. K. Bot gelukwens met sy deeglike artikels. Ons wil hier net in herinnering roep die salige nagedagtenis van ontslape broeders wat ons baie behulpsaam was met die soek na 'n nuwe sendingveld en die opmeting daarvan. Ons dink hier aan wyle ds. D. P. du Plessis, wyle ds. Paseh, en aan wyle broeders Hoogewind, Roest van der Zanden, Erasmus. En ook aan ds. J. G. H. van der Walt wat voorgestel het dat die naam van die nuwe sendingstasie *Siloam* sal wees. Dit was moeilike werk, maar Gods Woord leer ons dat ons die dag van klein dinge nie moet verag nie. Ons dink hier aan al die verskillende deputate wat van tyd tot tyd Siloam en later ook De Hoop besoek het. Dit was opofferings oor lelike paaie heen. Eindelik waardeur ons ten seerste die opofferende werk van ds. en mev. H. du Plessis. Hulle werk op Siloam was stimulerend vir ons hele sendingwerk. Was Siloam nie daar nie, dan het daar weinig van ons verdere sendingaksie tereg gekom.

Ek het al die verskillende stukke nagegaan. Dis vir my 'n behoefte van die hart om die samestellers van die verskillende hoofstukke vriendelik te bedank vir die moeite en sorg wat hulle daaraan bestee het. Hierdie verskillende stukke oortuig ons dat die Here vir ons kerk waarlik geopende deure gegee het, soos op die Rand en die Goudvelde van die O.V.S. Hulle oortuig ons ook daarvan dat die Here ons kerk al meer sendingbewus gemaak het. Die verblyf van prof. dr. J. H. Bavinck het hierdie jaar ook veel daartoe bygedra, waarvoor ons innig dankbaar is.

Ons bede is dat die verspreiding van hierdie boekie daartoe mag meewerk om in al ons gemeentes die liefde vir die sending aan te wakker. Die oes is ryp, die velde staan wit, en die arbeiders is weinig. Mag hierdie boekie 'n dringende oproep wees dat die Here die harte van vele mag bewerk om hulle vir die diens van die sending te bekwaam.

P. J. S. de Klerk.

Inleiding

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was in die beginjaar van sy ontstaan (1859) vanselfsprekend nie in staat om kerklik georganiseerde sendingwerk te onderneem nie. Die eerste gemeentes, wat gestig is, het almal hulle hande vol gehad met die opbou van 'n eie kerklike gemeenskap. Hulle was geweldig uitgestrek en het almal met 'n klein aantal lidmate begin. Daar was min gemeentelike samelewing, min predikante, min finansiële bronne. Alle inspanning moes gekonsentreer word op die oprigting van eenvoudige kerk- en pastorie-geboutjies, op die reëling van wydverspreide dienste en op die opleiding van jongmanne tot herder en leraar. Ja, die eerste gemeentes het 'n worstelstryd om die bestaan deurgemaak, maar onder die Here se leiding het dit 'n inspirasie geword vir die stigting van baie nuwe gemeentes.

Onder hierdie omstandighede is dit nie vreemd nie dat die Gereformeerde Kerk in sy wordingsjare gedurende die vorige eeu geen beplande sendingaksies gehad het nie, al het sekere kerkrade en meerdere vergaderings die wenslikheid daarvan herhaalde kere bespreek. Aan die Bybelvaste Boere van die ou Republiek was die duidelike sendingbevel van Matteus 28 vers 19 sekerlik nie onbekend nie; intendeel, hulle het daaraan probeer uitvoering gee op 'n manier wat onder die bestaande toestande slegs moontlik was. So het hulle wat op die plase daagliks met die naturelle-volk in aanraking was, gereeld die heidene deur woord en voorbeeld met die Christendom in kontak gebring. Die bediendes moes by die huisgodsdienste teenwoordig wees om te sien en te hoor hoe die Here deur die blanke gedien word in gebed en in die lees van sy Woord. Daarby het die naturelle deur die lewenswandel van die Boer en sy gesin praktiese kennis opgedoen van die Christelike moraal in die alledaagse lewe. As dan ook in aanmerking geneem word hoe die verhouding tussen blank en swart in die ou dae was—tereg 'n vaderlike outokrasie genoem—en die volk feitlik hul hele lewe vrywillig aan hul beskermers verbonde gevoel het, dan is dit duidelik dat die beskawende Christelike invloed groot was. En wie sal sê in hoeveel gevalle die Here hierdie invloede nie as middele gebruik het om uit die harte van die heidene die bygelowige vrees te vervang deur 'n kinderlike geloof in Hom nie?

Die staatkundige beroeringe en die instroming van allerlei vreemde elemente in Transvaal teen die einde van die neëntiende eeu, en veral die oorlog van 1899-1902 het almal bygedra om die ou beproefde verhoudings te onderbreek en te versteur, selfs te vernietig. Baie naturelle het na die goudmyne van die Witwatersrand getrek om daar te gaan werk, terwyl hul families op die plase agtergebly het. Meer geld het hulle daar verdien, maar terselfdertyd het hulle die stedelike lewe, partymaal met sy verderf, leer ken, losser geword van die stamverband en die patriargale gesag van die Boer steeds minder gaan waardeer. 'n Eensydige skoolopvoeding, die aanhoudende steeds groeiende stroom na die stede en ander faktore was verder verantwoordelik vir 'n radikale wysiging in die oorspronklike verhoudings.

So het dan die klein Gereformeerde Kerk, wat pas in die eerste dekade van die twintigste eeu met sy georganiseerde sendingwerk kon begin, voor groter probleme te staan gekom as reeds gevestigde sendinggenootskappe van ander veel sterker kerke vir wie slegs geleidelike aanpassing aan die nuwe toestande nodig geword het.

HOOFSTUK I.

(a) PRETORIA EN DIE SENDING

Die Gemeente Pretoria, gestig in dieselfde jaar as die oudste Gemeente Rustenburg (1859), het ook maar klein en nietig begin. Oorspronklik was daar slegs een ouderling en een diaken. Die aanvanklike voorneme was om saam met "Zoutpansberg" een leraar te beroep! Weldra het egter geblyk dat Pretoria, met buitewyke tot omtrent 100 myl van die standplaas, alleen kon staan en is daar in 1867 'n eenvoudige kerkgeboutjie opgerig. Die latere president S. J. P. Kruger het 'n kragtige stoot hieraan *gegee*.

Reeds in 1871 spreek die Kerkraad oor die sending onder die heidene, maar is met vrees vervul oor die moontlikheid dat dit noodwendig sou moes lei tot gelykstelling, soos dit in die Kaapkolonie deur die Voortrekkers tot hulle leedwese ervaar was. Nieteenstaande die Sinode te Potchefstroom (1869) 'n suiwere klank oor die rassevraagstuk laat hoor het, was daar nog geen voldoende gerusstelling oor die maatskaplike gevolge van kerklike sending nie en het die saak nog vir jare bly rus.

Terwyl ds. P. Postma predikant van die Gemeente was (1882-1904), is die sendingsaak op verskillende kerkraadsvergaderings behandel. Die roeping van die kerk om die evangelie aan die heidene te bring, is herhaaldelik deur hom beklemtoon, maar tewens het hy gewys op die gevare as moontlik 'n ongeskikte persoon as sendeling uitgestuur sou word. En waar sou 'n geskikte persoon gevind kon word?

Intussen is besluit om deur middel van vrywillige bydraes uit die gemeente die sendingwerk te Humpata en Venterstad te ondersteun. Maar die opbrings daarvan was gering. Duidelikheid omtrent die regte manier van sending dryf en gevolglik liefde vir daardie taak het oor die algemeen in die Gemeente ontbreek.

Na die Engelse Oorlog, toe ds. Postma uit sy gevangenskap weer in Pretoria terug was, is die sendingsaak opnuut en met groter erns aangepak. Daar was nl. 'n broeder in die Gemeente wat hom gewillig aan hierdie saak sou wil wy. Dit was br. P. Bos, 'n boekhouer van beroep. Gebore te Schiedam (Nederland) het hy in 1896 na Suid-Afrika gekom. Toe hy, na die besetting van Pretoria deur die Britse troepe in 1900, weier om die eed van getrouheid aan die nuwe regering af te lê, is hy na Brits-Indië verban.

In slegte gesondheidstoestand het hy na die vrede weer na Pretoria teruggekeer en sy ou beroep hervat. Voor die Kerkraad verklaar hy hom bereid om sendingarbeid onder die stedelike en meer afgeleë gekleurdes te verrig. Daarop ontvang hy toe 'n mandaat van die Kerkraad (1904). Hier is dus die begin van Pretoria se werklike sendingaktiwiteite.

Mnr. Bos, kort daarna ouderling van die Gemeente, bring 'n groepie naturelle in 'n waenhuis bymekaar en vertel hulle op die eenvoudige manier van Christus, die Heiland vir blank en swart. Op ouderling F. C. Eloff se plaas, Middelbult, in die distrik Pretoria arbei hy op dieselfde manier. (Later het dit tot 'n gemeentetjie uitgegroeï.) By vriende van die sending kollekteer hy geld en in kerkraadsvergaderings pleit hy vir die opstelling van 'n sendingorde. Dit geskied en die konsep word aan die Algemene Vergadering van Transvaal voorgelê wat dit vir behandeling na die eersvolgende Generale Sinode verwys. Intussen word goedgekeur dat br. Bos sal arbei in Marabastad, die naturelle-lokasie van Pretoria. Hierdie werk het hy op Sondae gedoen sonder enige finansiële vergoeding en in sy vry ure gedurende die week.

Toe dr. S. O. Los herder en leraar van die Gemeente geword het (1907), het mnr. Bos onder die se aansporing en leiding teologiese vakke gaan studeer met die doel om hom onder artikel 8 van die Dordtse Kerkorde tot predikant te bekwaam, ten einde as missionêre dienaar uitgestuur te kan word. Dit was sy begeerte om voltyds in diens van die sending werksaam te wees. Hierdie doel het hy bereik in 1910. Die Sestiende Sinodale Vergadering, in sitting byeen te Reddersburg, het op 16 Maart 1910 besluit om die Algemene Vergadering van Transvaal te magtig om br. P. Bos te eksamineer volgens art. 8 van die Kerkorde. Dit het kort daarop plaasgevind en ds. Bos is as missionêre

dienaar te Pretoria bevestig waar hy ook sy intreerede gehou het uit Joh. 3 vers. 30: "Hy moet wassen, maar ik minder worden."

Die Kerkraad van Pretoria wat 'n paar jaar tevore 'n sendingkommissie in die lewe geroep het, het hom Soutpansberg as arbeidsterrein aangewys. In hierdie deel van Transvaal het hy voorheen reeds 'n begin met sendingwerk gemaak, nl. op Molietsieskop, in die distrik van Pietersburg. 'n Jaar daarna was dit 'n gemeente met 37 belydende lidmate. Op Middelbult, in die distrik van Pretoria, was daar toe 'n gemeente met 57 belydende lidmate. Dit was, onder die seën van die Here, dus die eerste vrugte van die sendingarbeid van die Gemeente Pretoria, en vir ds. Bos was dit 'n oorsaak van diepe dankbaarheid dat hy hierin as 'n instrument in God se hand mag dien.



Ds. P. Bos

As 'n baanbreker op die gebied van sending deur ons Kerk is dit te verstaan dat hy telkens voor besondere moeilikhede te staan gekom het. Die grootste daarvan was waarskynlik wel dat hy moes ondervind hoe min sendingbewus die Gereformeerde Kerk in die algemeen nog was, en gevolglik onvoldoende finansiële middele vir uitbreiding van sendingaktiwiteite tot sy beskikking kon stel. Dit het hom partymaal wel ontmoedig, maar nooit moedeloos gemaak nie. In gehoorsaamheid aan sy hemelse Sender het hy probeer om 'n getroue slaaf in die Here se wingerd te wees en nieteenstaande alle teleurstellings voort te gaan op die pad wat hom aangewys was. Deur hierdie volhardende arbeid het hy die kerk meer en meer onder die besef van sendinggroeping gebring en die verklaarbare gebrek aan belangstelling help oorwin. Hy het die sendende Gemeente Pretoria voortdurend wakker gehou vir sy taak, kerkraad en meerdere vergaderings met waardevolle adviese gedien en deur dit alles die grondslae gelê vir die latere uitbou.

Na die vestiging van die gemeente op Molietsieskop het ds. Bos 'n buitepos op die plaas Dundee gestig; ook op ander omliggende gebiede; voorlopig het hy hom op Dundee gevestig, maar dit het duidelik geword dat 'n sentrale sendingstasie met eiendomsregte aangelê sou moes word om vandaar af die verskillende poste te beheer en te bedien.

Daar sou die sendeling dan woon, gereelde dienste hou, 'n skool in die lewe roep, kategetiese onderrig verskaf, mediese hulp verleen, boerderywerksaamhede begin en geskikte naturelle as helpers in die sendingarbeid oplei. Dit was die program van aksie, die praktiese ideaal van ds. Bos.

In oorleg met br. A. Venter, wat die Soutpansbergse wêreld deur en deur geken het, is toe besluit om 'n deel van die plaas Uniondale aan te koop. Die sendingkommissie van Pretoria het egter nie oor fondse beskik om dit te onderneem nie. Daarom het ds. Bos self die plek gekoop, 'n eenvoudige huisie daarop laat bou (hy was intussen getroud) en hom daar gevestig. Elke drie maande het hy egter oorgekom na Pretoria om die gemeente Middelbult te bedien. Omdat die trein destyds nie verder as Pietersburg geloop het nie, moes ds. Bos die afstand tussen sy huis en die spoorwegstasie, ongeveer 100 myl, met kar en muile aflê, en dit oor soms onbegaanbare paaie, deur gevaarlike driewe en oor steil berghellings. Maar die Here het hom op al sy reise bewaar.

Toe die sending in Soutpansberg vir goed posgevat het, het ook die behoefte aan 'n sendingorde wat allerlei sake kerklik sou reël, meer dringend geword. Die gevolg was dat die eerste sendingorde deur die Sinode van 1913 vasgestel is. Daarin is bepalings opgeneem omtrent die werksaamhede van die sendingleraar, sy status en helpers, kerklike organisasie en beheer, finansiële reëlings, ens. Uit verskillende bepalings het geblyk dat die Sinode nog maar huiwerig was om die sending die waarde toe te ken wat dit toekom. Die roeping daartoe is wel nie ontken nie, maar die ou vrees vir die moontlike gevare wat naturelle-ontwikkeling vir die maatskaplike verhoudings kon inhou,

het nog nie gewyk nie. Tog was die vasstelling van die sending-"orde 'n hoogsbelangrike stap tot bevordering van sendingbewustheid in al ons gemeentes. Deur hierdie dokument het die grootste kerklike vergadering sanksie verleen aan die pogings wat hier en daar plaaslik onderneem is, en daarby riglyne aangedui hoe om sending te dryf volgens die destydse opvattinge van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Die sendingorde het tot 1924 ongewysig van krag gebly.

Weens die swak finansiële toestand waarin die kas van Pretoria se sendingkommissie verkeer het, het die Sinode van 1913 besluit om op al die Transvaalse gemeentes 'n beroep te doen tot ondersteuning. 'n Totale jaarlikse bydrae van £253 is gevra. Sommige gemeentes het meer as hulle aandeel ingebring, ander minder, maar oor die algemeen het die jaarliks terugkerende "kollekte vir die Sending" 'n aanmoedigende uitwerking op die gemeentes gehad. Hulle is daardeur telkens herinner aan hul sendingroeping en feitlik ingeskakel in die sendingaktiwiteite van die gemeente Pretoria. Op die Algemene Vergaderings van Transvaal is gereeld verslag oor die bydraes uitgebring en sendingsake bespreek. Dit was verblydend om van die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie 'n vrye gif van £35 en van die Oranje-Vrystaat £18 te ontvang. Daardeur was Pretoria voorlopig uit sy ergste moeilikhede uitgehelp.

Ondertussen het ds. Bos stil en swygsaam met sy arbeid voortgegaan. Op een van sy reise het hy verneem van 'n jong naturel met die naam van Jojakim, 'n lidmaat van die Lutherse Sendingkerk, wat graag wou leer. Aangesien hy iemand gesoek het om as helper op te lei, het hy hom vir 'n paar maande op proef na Dundee saamgeneem. Jojakim het in die begin maar swaar gekry om Hollands te leer, lees en skryf. Tog het hy volgehou. Hy bly by die "moruthi", help hom bedags met allerlei werkies en ontvang saans onderrig. In Augustus 1919 lê hy belydenis van geloof af, maar toe bekruipe die begeerte hom om weg te loop na "die groot dorp van die witmense". Onder voorwendsel dat hy na sy familie toe gaan, verdwyn hy vir meer as vier jaar van Uniondale. Hy werk in die Premiemyn, op die diamantdelwerye van Bloemhof, in Pretoria en in Pietersburg. Orals ondervind hy egter teleurstelling, ' selfs armoede en honger, en soos hy vertel is dit of 'n stem elke keer in sy hart sê: gaan huis toe! Eindelik neem hy 'n besluit en keer na Uniondale terug. Sy "moruthi" vind hy egter nie meer daar nie, want ds. Bos is enkele maande tevore oorlede. Mev. Bos het al die volk op die plaas bymekaar geroep en hulle meegedeel dat die verlore seun terug is. Met tranen in haar oë het sy vir hom gesê: "Nou bly jy hier en jy word die voorman op die plaas." Hy was totaal oorstelp van droefheid en berou oor sy ongehoorsaamheid en jeugdige onbesonnenheid. Maar daarby het hy die belofte afgelê dat hy nooit weer sal wegliep nie en sy "juffrou" altyd sal oppas. Dit was nou 'n ander, 'n gelouterde Jojakim Matlakala wat sy werk op Uniondale aanvaar het. Vandag staan hy in die amp van naturelpredikant op Siloam in die diens van ons Kerk. Ons sal in die vervolg nog verder van hom lees, want in die jare na 1923 was hy steeds 'n getroue werker, 'n onmisbare hulp en 'n ywerige leerling van ds. H. du Plessis wat hom verder opgelei het.

Hierbo is reeds melding gemaak van die heengaan van ds. Bos. Ten gevolge van malaria was sy gesondheid ernstig ondermyn en na 'n betreklike kort siekbed is hy in September 1923 op Uniondale oorlede, diep betreur deur sy eggenote en hulle vier jong kinders, ook deur die lidmate van sy verskillende gemeentetjies, wat hom in stille eerbied begrawe het. Kort voor sy dood het hy nog 'n pragtige stuk geskrywe teen die gevare van die tydsgees. Dit het verskyn in die Desember-nommer 1923 van "Die Kerkblad". Ds. Bos was 'n vroom Christen wat alles vir die diens van sy Heiland oor gehad het. 'n Ruim inkomste het hy prysgegee om onder baie moeilike omstandighede, in betreklike armoede, sy Koning in die sendingarbeid te dien. Gedurende tien jaar het hy baie getrou met groot liefde en opoffering gearbei. Baie lidmate het in daardie jare tot die kerk van die Here toegetree. As grondlêer van ons sending sal sy naam altyd deur ons Kerk in ere gehou word.

Die dood van ds. Bos was 'n swaar slag vir die sending, te meer daar geen opvolger onmiddellik sy arbeid kon oorneem nie. Maar met groot dankbaarheid en waardering kan vermeld word dat mevrou Bos besluit het om voorlopig op Uniondale te bly. Dit is deur

haar opofferings dat die baanbrekerswerk wat gedurende tien jaar verrig is, nie heeltemal in verval gekom het nie. Wel was daar vir 18 maande geen bediening van Woord en Sakramente nie, maar mevrou Bos het toegesien dat ou Jesaja, die vertroude helper, voortgaan met bearbeiding van die lidmate van die hoofgemeente en die vernaamste buiteposte. Jojakim, die plaasvoorman, het vir Jesaja bygestaan in die geestelike werk, aangesien laasgenoemde al oud en swak was.

Maar sonder bediening kon die sendingaksie geen voortgang hê nie. Op advies van die sendingkommissie het die Kerkraad van Pretoria toe besluit om verskillende predikante van Transvaal te nader om Uniondale om die beurt elke drie maande te besoek, sodat daar weer gereeld dienste gehou sou word. Hierdie plan was geseënd. Met die besoek van ds. M. Postma van Johannesburg vind die eerste kerkraadsvergadering na die dood van ds. Bos plaas, word Nagmaal gevier en die Doop bedien aan ses tien kategumene en aan vyf volwassenes, waaronder Manasse, wat vandag nog helpers op Uniondale is. Na hom het verskillende predikante die sendingstasie besoek, en almal was verras om te sien hoe goed alles daar onder leiding van mevrou Bos in orde gehou word, en hoe ouderlinge Jesaja en Hosea, gehelp deur Jojakim, met erns en toewyding probeer om die "evangelie onder jonk en oud uit te dra. Soms was daar tot 200 naturelle in die te klein kerkie. 'n Vaste sendeling het egter ontbreek en omdat hierdie vakature vir meer as vier jaar bestaan het, kon dit nie anders nie as dat op die duur agteruitgang moes intree. Gelukkig was daar die vooruitsig van 'n nuwe sendingleraar in die persoon van Hugo du Plessis, wat toe nog aan die Teologiese Skool met sy studies besig was, maar hom reeds bereid verklaar het om in die toekoms sy kragte aan die sendingsaak te wy.

In hierdie maer jare van werklike sendingaktiwiteit het nogtans die besef van sendingroeping in die Gereformeerde Kerk sterk toegeneem. Vernaamlik moet dit toegeskryf word aan die aandag wat die wetenskaplike werk "Kerk en Sending" van dr. P. J. S. de Klerk geniet het. Op hierdie onderwerp het hy in 1923 aan die Vrye Universiteit te Amsterdam gepromoveer. Dit was 'n proefskrif waarin die sending prinsipiël kerkregtelik, en vir sover dit Suid-Afrika betref, histories-krities beskou is en daardeur 'n vername leidraad vir ons Kerk geword het. Sinds die verskyning van hierdie boek was dr. De Klerk vanselfsprekend die man vir kerklike adviese insake die sending. Saam met ander deputate het hy herhaaldelik waardevolle rapporte aan vergaderings van partikuliere en generale sinodes voorgelê, steeds aan besprekings deelgeneem, baie artikels in "Die Kerkblad" geskryf en die sendingsaak orals aktief bevorder. Dat die sending meer prominent in ons kerk geword het, daarin het dr. De Klerk ongetwyfeld 'n belangrike aandeel gehad.

Teen die end van 1927 het proponent H. du Plessis sy studie aan die Teologiese Skool voltooi en ontvang hy kort daarna van Pretoria die beroep as sendingleraar. Hy aanvaar die beroep en word op 18 Maart 1928 in die gemeente Pretoria bevestig. Voorlopig word aan hom die bestaande sendingveld op Uniondale met die daarby behorende buiteposte aangewys. Die ou gemeentetjie op Middelbult in die Pretoria-distrik het na die dood van ds. Bos weggekwyn en doodgeloop.

Ooreenkomstig die Sinodebesluit van 1924 het die Kerkraad van Pretoria intussen uitgesien na 'n nuwe en grotere sendingterrein in Soutpansberg. Die rede hiervoor was dat Uniondale min geleentheid vir uitbreiding gehad het, aangesien die omgewing reeds deur die Berlynse en die Switserse Genootskappe beset was. Verder is gevoel dat die Kerk self eienaar van die grond, en alles wat daarop gebou sou word, moes wees. In oorleg met die Sinodale Sending-deputate is toe 'n stuk grond van 500 morg in die onopgemete kroongronde, Noordoos van. Louis Trichardt, teen 5 sjelings per morg, plus wetlike koste, van die Regering aangekoop. Die Sinode van 1927 het die aankoop goedgekeur. Hierdie plaas is die teenswoordige sendingstasie Siloam.

In Augustus 1928 het ds. Du Plessis op Siloam begin. Jojakim het hom vergesel as tolk en helper, terwyl Jesaja die werk op Uniondale voortgesit het. Mevrou Bos het nog enkele jare daar bly woon en steeds aktief in die gemeentelike werk belanggestel. Sy het 'n werkklas vir vroue georganiseer waar hulle onderrig in naaldwerk ontvang het, nadat

vooraf 'n gedeelte uit die Heilige Skrif behandel is. Na die dood van Jesaja in 1929 het sy seun Andries 'n tyd lank as helper "en onderwyser opgetree, waarna hy na Molietsieskop verplaas is. Manasse het toe helper op Uniondale geword en is dit tans nog. Omdat die gemeentetjie van Molietsieskop geen groei getoon het nie, en so geïsoleer was, is dit later (in 1937) aan die sorg van die Ned. Geref. Kerk toevertrou, aangesien hierdie Kerk uitgebreide sendingwerkzaamhede in daardie omgewing gehad het.

Die nuwe stasie Siloam is in 'n oostelike rigting van Uniondale af geleë, in die gebied van die Venda-kaptein Sibasa, nie ver van die hoofstad van Mpefu, 'n ander Venda-hoofman. Aanvanklik het die sendeling in 'n tentjie gewoon. Jojakim het gou-gou die Venda-taal leer praat en vir die kinders skoolgehou onder 'n boom. Sondae is onder dieselfde boom kerk gehou, maar die opkoms was baie swak. Daar was agterdog onder hierdie heidene teen die bedoelings van die blanke leraar wat onder hulle kom woon het. Daarby was ook die kapteins hom nie goedgesind nie, en was dit dus moeilik om invloed by hul onderdane te wen. Die Bavenda's was nog baar, verharde heidene, vol bygeloof en vrees vir die geestewêreld. Daar was nog van hulle wat met skildvel en assegaai rondgeloop het. Afgesien van sommiges wat in aanraking met die Berlynse Sending in die omgewing gekom het, was die Christelike godsdiens en beskawing aan hulle feitlik nog onbekend.



Pastorie Siloam

Na enkele maande is met die bou van die pastorie en 'n kerkgeboutjie begin. Jojakim het daarby soos 'n gewone handlanger gehelp, klei aangemaak en kruie gestoot. Al was hy evangelis, was geen vorm van arbeid vir hom te vernederend om te doen nie. Vir homself het hy 'n stroois opgerig, en dit was sy wens dat die sendingleraar en sy vrou daarin moes woon totdat die pastorie klaar sou wees. Teen die begin van 1930 kon ds. en mevrou Du Plessis hul eenvoudige woning betrek.

Die skooltjie wat intussen gestig is, het stadigaan uitgebrei, want die baar naturel het tog die besef gehad dat onderwys sekere materiële voordele meebring. Die doopklas is aanvanklik deur vyf persone bygewoon. Nadat twee Christen-families, nl. die van Alfeus en Joël, op Siloam kom woon het, kon ds. Du Plessis met hierdie twee, plus Jojakim, 'n soort van "kerkraad" vorm, alhoewel daar nog geen gemeente was en die ampte dus nog nie fungeer het nie. Die eerste vergadering is op 17 Mei 1931 gehou. Joël het later sowel as plaasvoorman en as ouderling 'n belangrike aandeel in die ontwikkeling van die stasie en die gemeente gehad.

Geeneen van die kapteins wou toelaat dat ons Kerk in hul gebiede buiteposte aanlê nie. Gevolglik is daar buite hul grense met werkzaamhede op boereplase begin. So is daar op die plase Swartfontein, Diepkloof, Cheras en Boabab aanvoorwerk gedoen, maar weens gebrek aan fondse en geskikte natuurlike kragte kon nie orals helpers aangestel word nie. Jojakim moes maar inspring en elke môre vroeg na 'n paar plase gaan om daar vir die kinders wat hy bymekaar gekry het, skool te hou. Later is hy uitgestuur met 'n donkiewa en 'n klompie voorrade om orals geboutjies op te rig, ten einde die reg tot okkupasie van die terreine nie te laat verval op plekke wat deur die regering aan die natuurlike gebiede toegevoeg is nie. Daarby het hy meermale ernstige teëstand van die kapteins ervaar, maar hy het volhard en kon deur taktvolle optrede sy opdragte uitvoer.

In 1932 het die Kerkraad van Pretoria aan die Partikuliere Sinode van Transvaal meegedeel dat weens verskillende omstandighede die gemeente nie meer kans sien om as sendende gemeente op te tree nie. Die Kerkraad van die pasgestigte Gemeente Pretoria-Oos het hom egter bereid verklaar om hierdie taak oor te neem en dit het die goedkeuring van die Sinode weggedra. Ds. Du Plessis, die sendingleraar, is toe losgemaak van Pretoria en bevestig as sendingleraar van Pretoria-Oos.

(b) PRETORIA-OOS EN DIE SENDING.

Vir die jong gemeente, met swaar finansiële laste, was dit geen kleine saak om die volle verantwoordelikheid vir die sending in Soutpansberg te dra nie. Maar die gemeente het dr. P. J. S. de Klerk as herder en leraar gehad. Sy kennis van en ywer vir die sending was 'n groot krag, sodat plaaslike inkomste belangrik vermeerder kon word en verskillende ander Transvaalse gemeentes groter bydraes tot ondersteuning begin stuur het. Die Gereformeerde Sustersorganisasie van Pretoria-Oos was ook baie aktief in belang van die sending, terwyl verder sekere private persone gewillig was om die koste van bepaalde buiteposte op hulle te neem. So het die arbeid van ds. Du Plessis nie gelyk as gevolg van die verandering van sendende gemeente nie.

Met Siloam as hoofsentrum, Uniondale en Molietsieskop as ouere stasies, en enkele buiteposte, het die sendingwerk onder die seën van die Here stille voortgang gemaak. Op Siloam was die opkoms by die dienste in 1936 gemiddeld 70 tot 80; 20 was daar in die doopklas. Van Manasse op Uniondale en Andries op Molietsie kon getuig word dat hulle getroue helpers bly. In hierdie tyd is ook met mediese dienste begin. Aanvanklik



moes ds. Du Plessis maar self met hulp van Jozakim waar nodig huismiddeltjies uitgee, 'n gebreekte arm spalk of slangbyt behandel. Maar toe die medisyne van die witman vertrou begin wek het, vermeerder die gevalle vir behandeling en is 'n rondawel gebou wat as kliniek gedien het. Eers het 'n kleurlingvrou as verpleegster opgetree en daarna mej. Coetsee, 'n dogter van die plaasvoorman. Die Skotse sendingdokter, naby Sibasa se stat, het gereeld besoeke kom aflê.

Dié skool het eers onder leiding van onopgeleide onderwysers gestaan wat deur die kerk en plaasvolk saam betaal is. Die kerkgebou het as klaskamer diens gedoen. Maar in 1937 is 'n geboutjie opgerig, as 'n goedgekeurde skool deur die Departement van Onderwys geregistreer en 'n gekwalifiseerde onderwyser aangestel. Voortaan sou die ouers nie meer skoolfooie betaal nie, maar 'n stuk land bewerk waarvan die opbrengs in belang van die skool gebruik sou word. Die aantal leerlinge het in 1936 gegroei tot 50 op Siloam, 18 op Uniondale, 10 op Molietsie en omtrent 50 op verskillende buiteposte. Behalwe op eersgenoemde plek was daar orals, weens gebrek aan geskikte kragte, swak en onopgeleide onderwysertjies.

Mevrou Bos wat nog vir meer as tien jaar na die dood van haar man op Uniondale bly woon het, het in 1935 vandaar vertrek. Die plaas is toe voorlopig deur die sendingdeputate van haar gehuur. In 1936 het dr. P. J. S. de Klerk namens die deputate en ds. Du Plessis in teenwoordigheid van 'n aantal blankes en naturelle 'n eenvoudige steen op die graf van wyle ds. Bos onthul en daarby herinner hoe hy 'n man was wat tot sy dood toe gelowig volhard het in die diens van sy Here en 'n baanbreker, 'n voortrekker genoem mag word op die sendingpad van die Gereformeerde Kerk. In dieselfde jaar is ook, as gevolg van 'n Sinodebesluit, 'n vaste sendingfonds gestig waarvan die rente gebruik sou word tot uitbreiding van die werksaamhede. Die grondslag van die fonds is deur 'n milde bydrae en verdere beloftes gelê deur br. en sr. J. P. Duvenage. Die groei van die fonds was egter aansienlik stadig en het drie jaar later nog maar £600 bedra. Tans staan die fonds op byna £3,000.

Deur die welwillende houding van die destydse Minister van Naturellesake, Sy Ed. P. Grobler, lidmaat van die gemeente Pretoria-Oos, het dit moontlik geword om 'n hele aantal buiteposte oos, noordoos en noord van Siloam te stig. Daardeur is die

sendingterrein onder die Bavenda aansienlik vergroot. Altesaam is 12 poste toegeken, waarvan die verste 90 myl van die sentrum geleë was. Met dank aan die Regering is die nuwe terrein aanvaar. Dit sou beskou word as uitbreiding van die bestaande sendingterrein onder beheer van die sendingkommissie van Pretoria-Oos, totdat daar 'n tweede sendende gemeente gevind sou word wat dan die nuwe terrein kon oorneem. Ooreenkomstig bepalinge van die oordrag, moes binne 'n bepaalde tyd die nuwe poste geokkupeer word deur aldaar geboutjies op te rig wat sou dien as skool en kerk. Dit het geskied en die instandhouding daarvan is, soos reeds vermeld, verseker deur die Sustersorganisasie van Pretoria-Oos en deur private sendingvriende. Uniondale is nog altyd bearbei, hoewel die huur van die plaas opgegee was. Molietsie is oorgemaak aan die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

Die vergrote sendingveld het die behoefte aan opgeleide hulpkragte steeds dringender gemaak. Hoewel ds. Du Plessis baie aandag hieraan geskenk het, moes nogtans by die Ned. Geref. Kerk van Suid-Rhodesië aangeklop word om die getal geskikte helpers te kan vermeerder. 'n Hele paar het van daar gekom, waaronder ook Shadrak, die teenswoordige hoofhelper op Siloam. Hulle het meesal skoolgehou op die buitposte.



Hospitaal Siloam

Ook die mediese dienste is op groter skaal aangepak. Dit het moontlik geword deur 'n toelae van £1,500 van die Regering vir die bou van 'n hospitaal. Br. ouderling P. S. Dykstra, argitek te Pretoria, het kosteloos die planne en "spesifikasies opgetrek. In 1940 is die hospitaal geopen. Mpefu en sy onderkapteins was daarby teenwoordig, 'n duidelike teken dat die vroeëre vyandige en wantrouige gesindheid teenoor ons sendingwerk besig was om in simpatieke

belangstelling te verander. Ook die Sekretaris van die Departement van Naturellesake en 'n Inspekteur van Naturelle-onderwys was aanwesig. Al die toesprake is in Tshivenda oorgetolk en dit was 'n groot funksie, sowel vir die paar duisend naturelle as vir die blankes daar teenwoordig. Die volgende jaar is 'n verpleegsterswoning en buitegeboue van die hospitaal voltooi. 'n Bedrag van £200 is deur die Regering toegeken vir die aankoop van instrumente, medisyne, ens. Boonop is nog £100 toegestaan vir onderhoudskoste.



Saal in die Hospitaal

By herhaalde besoeke aan die sendingveld deur die Sinodale deputate en die van die Partikuliere Sinode van Transvaal, sowel as deur lede van die sendingkommissie van Pretoria-Oos het dit meer en meer duidelik geword dat die uitgebreide sendingterrein te groot geword het vir bediening en toesig van slegs een leraar en vir die administrasie deur een sendende gemeente. Die betrokke verteenwoordigers het derhalwe voorstelle opgestel ter verdeling van die sendingterrein in twee dele, elkeen met 'n eie sendingleraar. Hierdie voorstelle is aan die Partikuliere Sinodes van die Kaapprovinsie,

van die Oranje-Vrystaat, en van Transvaal voorgelê en daarby die hoop uitgespreek dat die twee eersgenoemdes hul weg sou oop sien om 'n sendende gemeente aan te wys wat ongeveer 'n helfte van die sendingterrein sou oorneem. Na ernstige en langdurige oorwegings is hierdie plan ten slotte aanvaar en het die Gemeentes van Reddersburg en Burgersdorp toegestem om as sendende gemeentes op te tree vir 'n deel van die sendingterrein wat toe die naam Karmel gekry het (sien verder hoofstuk 4).

Ds. Du Plessis het intussen voortgegaan met sy arbeid op die hele vergrote terrein wat

hom genoodsaak het om voortdurend lang reise van die een buitepos na die ander te onderneem en daarby klein en groter moeilikhede op te los. Veral die gebrek aan betroubare helpers het hom steeds gekwel. Spore van kommunistiese infiltrasie, van rondgaande gesondheidsbidders en ander sektes, van opnuut verval tot heidense gebruike en van algemene verwaarlosing moes hy ontdek en bestry, maar met 'n vaste geloofsvertroue in sy roeping het hy voortgearbei, uit ervaring bewus dat sending nooit 'n saak is wat 'n effe baan het nie.

Naas hierdie teleurstellings het hy hom egter ook in verblydende verskynsels kon verheug. Nie alleen het hy die seën van die Here gesien in die jaarliks toenemende vermeerdering van die getal Christene nie, maar ook in die waardering wat baie natuurlike getoon het vir sy werk in die belang van hul onderwys en gesondheidstoestand. Meer en meer het hy bewyse van goeie gesindheid ondervind. So het in 1942 'n indoeana sy dienste aangebied om 'n skool vir 70 kinders op die buitepos Tonondwe te bou. 'n Ander indoeana het by hom aangedring om 'n kerk en 'n skool te bou in kaptein Mpefu se lokasie. En daar was meer sulke moedgewende gevalle. Sy Ed. die Administrateur van Transvaal en lede van die Uitvoerende Komitee het persoonlik hulle belangstelling in die opvoedkundige opbouwerk van ds. Du Plessis getoon deur hulle aanwesigheid by die opening van die nuwe skoolgebou op Siloam waarvoor die Provinsie 'n bedrag van £150 geskenk het. Dit was in Augustus 1941. 'n Groot fees is by daardie geleentheid georganiseer en waarderende woorde is gespreek.

In 1942 is oorgegaan tot die stigting van 'n Sondagskool wat al gou 'n gemiddelde inskrywing van omtrent 30 leerlinge gekry het. Die dagskoolonderwysers was daarby behulpzaam. 'n Verkorte kategismus in die Venda-taal, deur ds. du Plessis bewerk, is in dieselfde jaar gedruk en in die belydenisklas in gebruik geneem.

Ten gevolge van al hierdie geseënde stappe het die arbeid op die sendingveld meer gekonsolideer geraak en volgens plan verloop. Op byna alle buiteposte is vaste voet verkry. Onder die mees vertroude helpers moet die name van Jojakim, Josef, Shadrak en Esegïël genoem word. Hulle was ywerige diensknegte en boodskappers van God se Woord. Twee nuwe buiteposte kon selfs wes van Siloam gestig word, nl. Wyliespoort, met Poulus as helper, en Piesanghoek onder Aäron. Al twee het goeie aanvoorwerk gedoen. Ds. J. F. Erasmus, wat in 1942 die beroep as sendingleraar vir Karmel aangeneem het, het sinds Mei van daardie jaar vir byna twee jaar by ds. Du Plessis ingewoon, ten einde die taal en gewoontes van die Bavenda aan te leer en praktiese kennis aan sendingwerk op te doen. Die eensaamheid in die pastorie is deur sy verblyf enigins verlig.

In al die jare van sendingarbeid op Siloam was nog nie oorgegaan tot die stigting van 'n selfstandige gemeente nie. Daarmee is gewag totdat die getal Christene groot genoeg sou wees om as hoof stasie vir die buiteposte te kan optree en voldoende kerklike opvoeding sou ontvang het om 'n Gereformeerde Gemeente te kan regeer en dien. Aan beide vereistes is stadigaan voldoen, en eindelijk is op 18 Oktober 1942 Siloam.....as die eerste Gereformeerde Naturelle-gemeente gestig. By hierdie groot geleentheid was vier van ons predikante teenwoordig, nl. dr. P. J. S. de Klerk, dr. S. J. van der Walt, ds. P. J. J. Delpont en ds. P. J. de Klerk. Ds. Du Plessis, die sendingleraar, kon weens ernstige siekte, helaas, nie aanwesig wees nie. Daar is die Here gedank vir die pragtige vooruitgang van ons sendingwerk, vir die geopende deur onder die Bavenda-stam. Vyf ouderlinge en, drie diakens is gekies. Die getal belydende lidmate was 163 en dooplede 78. Voortaan sou die lidmate ook gereelde kerklike bydraes betaal en by die erediens sou kollekte gehou word. Natuurlik kon nie veel inkomste verwag word nie, maar die verantwoordelikebesef vir die instandhouding van die Gemeente is daardeur aangewakker en versterk. Bowendien sou, by verdere vooruitgang, die tyd aanbreek dat die volk een van hul eie mense as herder en leraar kon beroep.

Die skool op Siloam het ook merkwaardig ontwikkel. Daar was in 1945 reeds 150 leerlinge met vier goedgekeurde onderwysers. Voldoende regeringssubsidie is ontvang om die skool behoorlik te laat funksioneer, terwyl nuwe fasiliteite in die vooruitsig gestel is.

Die medium van onderrig was hoofsaaklik Venda.



Verpleegsterswoning: Siloam

Deur die hospitaal kon die evangelie vir die heiden ook in sy siekte gebring word. Suster Dorst as matrone het deur haar opofferende verpleging en stille geestelike arbeid baie daartoe bygedra dat die sendingaktiwiteite steeds meer deur die natuurlike waardeer is. Haar vertrek van Siloam was 'n groot verlies. Suster Naude, saam met mevrou (ds.) Du Plessis en daarna suster Gutter was gelukkig uitstekende opvolgsters.

Vir die sendingkommissie van Pretoria-Oos was dit 'n verrassing om heeltemal onverwags 'n brief te ontvang van 'n suster (wat nie wil dat haar naam bekend gemaak word nie) dat sy £500 skenk vir die sendingarbeid op Siloam. Vir hierdie pragtige bydrae is sy hartlik bedank en daar is besluit om die geld op 'n spaarrekening te plaas om in noodgevalle van uitbreiding gebruik te word. Mag daar meer sulke vrygewige harte vir ons sending opgaan! 'n Ander verblydende berig het gekom, nl. dat Jojakim die begeerte had en gewillig was om hom deur ds. Du Plessis tot leraar te laat oplei. Daartoe is graag toestemming verleen en ds. Du Plessis was by al sy veelvuldige werksaamhede bereid om ook hierdie taak op hom te neem. In oorleg met die Sinodale Deputate is toe 'n studiekursus opgestel en Jojakim het met nederigheid en ywer studeer.

Ten gevolge van die skielike en tragiese afsterwe van ds. Erasmus van Karmel (Die Hoop) op 27 Junie 1946 — sien Hoofstuk 4 — moes ons sendingleraar op daardie terrein as konsulent optree. Dit het sy werk aansienlik verswaar: die nuwe sendingveld was nog maar so kort ontgin en die afstande was so ver. Daarby het sy gesondheidstoestand baie te wense oorgelaat, maar die Here het voorsien. Twee teologiese studente van Potchefstroom het hulle bereid verklaar om na afloop van hul studie die Gereformeerde Kerk as sendelinge in Soutpansberg te dien. Daar was dus 'n vooruitsig van opgeleide kragte. Intussen is br. J. M. Lessing as oefener op Die Hoop aangestel. Met die oog op hulp by die opleiding van die twee studente en weens die feit dat ds. du Plessis vir 'n lang tyd verandering van klimaat nodig gehad het, is aan hom gedurende 1948 'n jaar langverlof toegestaan wat hy met sy gesin op Potchefstroom deurgebring het. In sy afwesigheid van Siloam kon voorsien word deurdat Jojakim 'n half jaar tevore met vrug sy voorbereiding tot naturellepredikant voltooi het. Die Sinodale Deputate ds. D. Gerbrand Venter en ds. P. J. de Klerk het, met hulle besoek aan Siloam in Junie 1947, Jojakim na sy kennis en oortuiging ondersoek en beroepbaar gestel. Daarna is hy deur die sendinggemeente beroep en op 8 Oktober deur dr. P. J. S. de Klerk as naturelleleraar bevestig. Dit was 'n groot dag vir die Bavenda's toe hul eie predikant sy intreerede gehou het oor die roeping van Moses by die brandende doringbos. Daar het van hierdie gebeurtenis 'n geweldige invloed ten goede op die gemeente en die heidene uitgegaan. Die Here het hierdeur opnuut 'n geopende deur gegee. Die ideaal van ons sendingwerk, nl. om die natuurlike deur een van hul eie mense die evangelie te laat bring, is verwesenlik.

Die gemeente het in 1948 agt ouderlinge en ses diakens naas hul predikant Jojakim Matlakala gehad. Daar was 18 buiteposte wat, saam met Siloam, 233 belydende. en 110 dooplidmate getel het. Op die skool van Siloam was 155 kinders en sewe onderwysers, waarvan drie handwerkinstrukteurs. Die Sondagskool is deur gemiddeld 50 besoek. Op die buiteposte was daar totaal omtrent 750 leerlinge in die skole, waarvan ongeveer die helfte die katkisasieklasse bywoon. Die hospitaal het onder suster Gutter as matrone steeds goeie dienste gelewer, maar die behoefte aan 'n inwonende geneesheer het meer en meer dringend geword. Die distriksdokter kon weens verskillende omstandighede slegs een besoek per maand aan Siloam aflê. En dit is natuurlik ver te min. Maar waar

om 'n dokter en die benodigde fondse te vind? Met die boerderywerkzaamhede is stadig gevorder, maar aanhoudende droogtes en daarna groot verspoelings het baie skade veroorsaak. Ook ander moeilikhede het ontstaan waardeur die boerdery op Siloam, niteenstaande herhaalde reorganisasies, tot op hede nog nie bevredigend ontwikkel kon word nie.

Die algemene vooruitgang van ons sendingaksie het in 1947-48 tot 'n punt gekom waarby georganiseerde opleiding van natuurleeraars, -helpers en -onderwysers 'n besliste vereiste begin word het. Ds. Du Plessis het hierdie taak tot dusver alleen verrig en dit by al sy ander werkzaamhede. Maar vanselfsprekend kon hy onmoontlik voldoende tyd daaraan gee, te meer daar hy soveel moes rondgaan. Sowel deur hom as deur die Sendingkommissie van Pretoria-Oos en die Sinodale Sendingdeputate is gevoel dat die tyd aangebreek het vir die stigting van 'n opleidingskool. Vir hierdie doel is toe deur mnr. E. Rooth van Louis Trichardt 'n stuk grond geskenk van ongeveer 25 morges op Groot Spelonken, distrik Pietersburg. Terselfdertyd is in die nabyheid daarvan 'n nuwe sendingterrein uitgesoek wat aan die Laeveld se kant grens aan Karmel. Met groot dankbaarheid en waardering aan mnr. Rooth vir die pragtige en waardevolle geskenk, is dadelik pogings aangewend om fondse vir die oprigting van die opleidingskool in te samel. Argitek Dykstra wat reeds soveel bouplanne op ons sendingterrein gratis ontwerp het, was opnuut bereid om, na 'n besoek aan Groot Spelonke, 'n sketsplan op te trek. Verskillende sendingvriende het bydraes gegee, o.a. 'n bedrag van £100 van die familie Braak van Pretoria-Oos. As gevolg egter van latere ontwikkelings in verband met ons sending kon tot nou toe nog nie uitvoering aan die voorneme gegee word om die bedoelde opleidingsinrigting tot stand te bring nie. Intussen het die sendingkommissie van Pretoria-Oos voorlopig die administrasie van die nuwe sendingveld Groot Spelonke op hom geneem. Op die Sinode van 1952 is besluit dat, solank daar nog nie 'n sendende gemeente vir hierdie terrein gevind kan word nie, onmiddellike uitgawes in verband hiermee gestaak moet word en die bearbeiding van genoemde sendingveld by die van De Hoop (Karmel) ingeskakel moet word.

Tot 1948 het die Kerkraad van Pretoria-Oos deur middel van sy aktiewe sendingkommissie die belange van Siloam en omgewing behartig, maar toe word die gemeente Pretoria-Brooklyn van Pretoria-Oos afgestig en besluit beide Kerkrade om dieselfde sendingaksie in kombinasie voort te sit. 'n Gemeenskaplike sendingkommissie is in die lewe geroep en tot vandag toe is daar 'n harmoniese samewerking, met vrug vir die sendingarbeid in Soutpansberg.

(c) PRETORIA-OOS EN -BROOKLYN EN DIE SENDING.

Na sy langverlof het ds. Du Plessis aan die begin van 1949 weer met nuwe moed en kragte sy groot werk voortgesit. Aangesien toe nog geen opvolger van wyle ds. Erasmus op De Hoop in bediening gestel was nie, het hy aanvanklik die werk op al drie sendingterreine moes verrig: Siloam, De Hoop en Groot Spelonke. Die natuurleeraar Jojakim Matlakala was vir hom daarby van besonder groot hulp. In dieselfde jaar egter het die sendende gemeentes van Reddersburg-Burgersdorp in ds. H. A. Louw 'n plaasvervanger vir wyle ds. Erasmus gevind en kon ds. Du Plessis sy werkzaamhede hoofsaaklik weer tot Siloam beperk. Met die elementêre opleiding van helpers en onderwysers, met die besoeke aan die groeiende aantal buiteposte, met sy toesig op die tot oorloeps toe volle skole, met sy samewerking in hospitaalsake en met allerlei plaasmoeilikhede het hy nogtans sy hande meer as vol gehad.

Weens die benoeming van dr. P. J. S. de Klerk tot professor aan die Teologiese Skool en gevolglik sy vertrek uit Pretoria-Oos, en weens die totstandkoming van die nuwe gemeente Pretoria-Brooklyn het die gekombineerde sendingkommissie van beide gemeentes twee nuwe lede gekry, nl. ds. T. T. Spoelstra en ds. G. C. P. van der Vyver, wat om die beurt die voorsitterstoel inneem. Gereeld word aan altwee kerkrade verslag van die kommissie se werk gedoen. Afgesien van hierdie kommissie was ds. Du Plessis ingevolge die Sendingorde, genoodsaak om in verband met verskillende sake te korrespondeer en oorleg te pleeg met die Sinodale Sendingdeputate en die van die

Partikuliere Sinode van Transvaal. Hierdie enigszins ingewikkelde prosedure het meermale verwarring of minstens vertraging in die afhandeling van sake veroorsaak, en dit is gevoel dat dit meer in die belang van die sending sou wees as die sendende gemeente(s) selfstandiger kon optree. In hierdie gees is, na heelwat konferensies tussen die betrokke liggeme, dan ook deur die Sinode van 1952 besluit. Gehoop word dat die gewysigde Sendingorde tans beter aan sy doel sal beantwoord.



Die dokter hou 'n diens by die hospitaal

Die hospitaal op Siloam het 'n groot stoot vorentoe gekry toe daarin geslaag is om 'n inwonende geneesheer te kan aanstel. Dit was dr. Th. H. Verhave uit Nederland. In Augustus 1950 het hy met sy werk begin. Deur sy ywer en toewyding het die hospitaal spoedig aan sy doel beantwoord. Die Provinsiale Regering het 'n bedrag van £2,000 toegesê vir die oprigting van 'n dokterswoning en ander kapitale uitgawes, maar waarvoor die Kerk op die £ vir £-stelsel moes bydra. Die lopende uitgawes word feitlik almal deur genoemde Regering betaal kragtens die hospitaal-ordonnansie.

Vertrou in die dokter se behandeling en in die matrone, suster Gutter, daarna suster Hulskers, se versorging het wyd en syd op die sendingterrein toegeneem, sodat die toeloop van pasiënte steeds groter geword het. Planne vir die oprigting van 'n paar buiteklinieke is ook voorberei. Ongelukkig moes dr. Verhave in Januarie 1951 bedank weens voortsetting van sy studie. Dit was 'n groot teleurstelling vir sy personeel, vir die beheerders van ons sending en nie die minste vir die naturelle nie. Duisende klein en ernstiger gevalle is met kennis, geduld en opoffering deur hom behandel. Dadelik is pogings aangewend om 'n plaasvervanger, ook 'n Gereformeerde dokter, te vind. Daarin is eindelijk geslaag toe dr. Ten Kate uit Nederland in Maart 1952 sy werk op Siloam begin het.

In 1950 het ds. Du Plessis 'n beroep van die gemeente Johannesburg-Noord ontvang om as sendingleraar te gaan arbei in Moroka, die groot naturelledorp op die Wesrand. Hierdie beroep het hy aangeneem en derhalwe Siloam verlaat. Sy afskeid was 'n indrukwekkende funksie en het duidelik aan die lig gebring hoe sy byna drie en twintigjarige arbeid daar waardeur is. Diepe droefheid oor sy vertrek was die algemene kenmerk. Ook vir die sendende gemeentes was dit 'n groot teleurstelling om hom, met wie soveel jare saamgewerk is, te sien gaan. Dat hy vir die Gereformeerde sending behou gebly het, was egter weer 'n rede tot dankbaarheid. Maar tog, hy was in God se voorsienigheid die lede van ons sending in Soutpansberg en dit was vir die sendingkommissie maar swaar om aan die werk te dink sonder hom. Ongetwyfeld was dit ook vir homself en vir mevrou Du Plessis swaar om Siloam en alles wat daar in die loop van soveel jare van pioniersarbeid opgebou was, te verlaat. Uit sy persoonlike herinneringe wil ons die volgende siteer:

"Op elke plek moes alles van vooraf begin word—eers op Siloam: self skoolhou, self mediese werk doen, self boer en opsigter speel, self bou en bou-opsigter wees, self draadspan en paaie aanlê en driewe maak, stene maak, huisbesoek aflê, katkisasie hou en preek. En in hoe baie dinge moes my vrou nie help nie!

En so ook op elke nuwe buitepos. O, die spanningsvolle dae as 'n mens nie weet wat daarvan sou word nie! Hoe swaar en aanhoudend moes vir die opbouwerk op elke plek en plekkie gearbei word. Hoeveel besoeke is afgelê, hoeveel vernederings van kapteins en ander weerstaan, hoe baie verkennerswerk in stilte en geheim gedoen, hoe baie nagte ver van vrou en kind, omring deur duisende naturelle en allerlei gevaar. Maar elke stap is in die geloof gedoen en die Here het die werk op byna elke plek geseën.

Hoe groot was die vriendskap van Jojakim, sy trou en liefde en die van baie ander naturelle! Dit was altyd balsem in die wonde. Ook hou ek in dankbare herinnering die blankes wat die sendingsaak in vergaderings gestoot het en teenoor die werk en ons as persone altyd simpatiek gestaan het.

'n Bron van versterking was steeds die kerkdienste op Siloam; altyd bemoedig daaruit teruggekeer en die eenvoudige preekstoel het vir my 'n plek van sterkte en inspirasie geword"

Na die vertrek van ds. Du Plessis het die gemeentes Pretoria-Oos en Pretoria-Brooklyn vir ds. H. A. Louw, wat toe die sendingleraar op De Hoop was, beroep om op Siloam te gaan arbei. Hy het dit aanvaar en is daar sedert die begin van 1951 werksaam. Tewens tree hy as konsulent vir De Hoop op.

Op 1 Junie 1953 was daar op die Soutpansbergse sendingvelde van ons kerk 317 belydende en 148 dooplidmate. Behalwe die twee gemeentes Siloam en De Hoop was daar 32 buiteposte.

Die gemeente Siloam het sewe ouderlinge en ses diakens; skriba en kassier is Enos Moshapo. In geld het die lidmate oor die jaar 1952 die som van omtrent £55 bygedra. Die aantal skoolkinders wat onder Siloam ressorteer is 1,070; op De Hoop is daar 350. Sewe skole is geregistreeerde goewermentskole, maar die sendeling oefen as superintendent en voorsitter van die skoolkommissie beheer uit. Nog sewentien skole word uit sendingfondse in stand gehou. Die klein skooltjies gaan tot standard III; waar twee onderwysers is gaan hulle tot stander IV; slegs Siloam het stander VI, met 'n afdeling vir landbou, houtwerk, naaldwerk en kookkuns.



Die hospitaal, waarby tans ook 'n dokterswoning gebou is, bevat 16 beddens vir algemene, 8 vir kraamgevalle, 8 vir babas en 2 vir isolasie; verder 8 slaapmatte vir algemeen en 4 vir isolasie. Gemiddeld 35 pasiënte per dag vertoef in die hospitaal, terwyl oor die afgelope jaar 2,630 gevalle in die kliniek behandel is. Die Provinsiale Administrasie betaal ongeveer £6,500 per jaar vir lopende en nie-wederkerende uitgawes onder die skema van vrye hospitalisasie. Die Kerk dra nagenoeg geen koste vir die behandeling en versorging nie.

Vir die boerdery, bestaan 'n plaaskommissie, bestaande uit die sendingleraar en mnr. J. Breed, 'n boer van die distrik. Joel is die plaasvoorman. Hy en ander naturelle gebruik die besproeibare grond vir die verbou van markprodukte en groente vir die hospitaal en die skoolvoeding. Een kwart van die verkoopte opbrengs word aan die sending afgestaan.

Die kapteins is vandag ons werk goedgesind. Hulle het almal hoë agting vir ds. Du Plessis, omdat hy hulle taal goed ken en die slag gehad het om met hulle te werk. Hulle bly egter nog heidene.

Kommunistiese of ander vreemde ideologieë vind tot nog toe nie veel ingang by die Bavenda nie. Hoewel 'n groot persentasie van die mans in die stede werk en met verlofthuis toe kom, versprei hulle geen ophitsende gerugte nie. Hulle kom eerder terug as toegewyde aanhangers van die Christendom, al is dit partymaal as lid van een of ander sekte.

Met die sendelinge van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Lutherse Kerk, wat in die omgewing van Siloam werk, verkeer ons sendingleraar op goeie voet. Daar is vriendskaplike wedersydse kontakte en elkeen hou hom by sy eie terrein.

In Augustus 1953 is ons sending op Siloam 25 jaar oud. Wat 'n werk is daar steeds

verrig, en hoe het die Here dit geseën! Mag die gemeentes van Pretoria-Oos en Pretoria-Brooklyn met dieselfde liefde en ywer bly voortgaan om aldaar die sendingwerk nog baie jare te behartig.

In "Die Kerkblad" van 5 Mei het 'n interessante artikel van ds. Du Plessis verskyn wat ons hieronder graag wil herhaal onder die opskrif: 'N SONDAG OP SILOAM.

In teenstelling met die posisie, soos dit in die aangrensende natuurellegebiede is, is Sondag op Siloam 'n rusdag, en hoewel die meeste naturelle op die plaas nog heidene is, gehoorsaam hulle almal die Sabbatsgebod in hierdie opsig. Die ouderlinge is baie streng in hierdie opsig en wil nie eers toelaat nie dat iemand op Sondag hout kap.

Saterdagmiddag of Sondagmôre vroeg reinig al die naturelle hulle vir die rusdag, en Saterdagmiddag word die klere gewas en aan kant gebring vir die volgende dag. Dan is almal by die rivier of die nabygeleë Warmbad en, waar seep nie wil help nie, moet met 'n sandklip geskuur word.

Aangesien die meeste kinders hul ouers se vee moet oppas, vind die Sondagskool en katkisasie in die môre om halfnege plaas. Die gemiddelde bywoning hiervan is ongeveer 100 en hulle is verdeel in verskillende klasse. Die plaaslike onderwysers, van wie nou drie aan ons kerk behoort en wat aldrie deur my vir predikante opgelei word, neem 'n leidende aandeel in die onderrig van die kinders en hulle is altyd getrou op hul pos.

Intussen is die naturelle vrouens besig om die Sondagse maaltyd voor te berei en elfuur word die klok gelui vir die erediens wat halftwaalf begin. Aangesien ons nie 'n konsistorie het nie, vergader die kerkraad in 'n huis wat naby die kerk geleë is. Hierdie huis behoort aan Jojakim, die naturelleleeraar. Hy is nou besig om dit af te breek sodat ons weer 'n ander vergaderplek moet soek. Halftwaalf het die meeste hul plekke in die kerk ingeneem, maar teen twaalfuur kom daar nog enkele heidene aan wat agter in die portaal 'n plek moet inneem, want teen die tyd is die kerk al tot oorloepens vol. Die heidene woon almal die erediens by, hoewel sommige dit minder gereeld doen.



Huis van die Hoofonderwyser:
Siloam

Die diens duur gewoonlik 'n uur en amper die helfte van die diens word in beslag geneem deur die gesang, want die naturelle sing graag en dit hou hulle ook lewendig. Gewoonlik word vier en meer versies opgegee. Die preek is nie langer as twintig minute en die naturelle luister gewoonlik met aandag, hoewel soms enkele aan die slaap raak, veral as dit 'n besonder warm dag is en as die preek nie lewendig en boeiend voorgestel en toegepas word nie. Die gemeente bely die belydenis van die geloof deur dit staande uit te spreek en hulle bid ook gewoonlik almal saam die Onse Vader.

Na afloop van die diens verduidelik Jojakim of, as hy nie hier is nie, een van die ouderlinge die preek verder aan die heidene, en hulle ontvang dan ook verdere Bybelonderrig. Gemiddeld 30 tot 40 volwassenes woon hierdie onderrig by en die meeste van hulle is nog soekende: hulle kan nog nie besluit om gedoop te word nie, maar oorweeg nog die saak.


'n Kwartier na afloop van hierdie onderrig vind die katkisasieonderrig vir die groter

kinders en volwassenes plaas. Hierdie klas is bedoel vir diegene wat belydenis van die geloof wil aflê of wat gedoop wil word. Aangesien die baar en ongeletterde naturelle nog baie elementêre onderrig moet ontvang word die klas in twee gegroep. Dit is maar 'n gesukkel om die baar naturelle touwys te maak, alles is vir hulle so vreemd, maar hulle glo darem aan Murena Yesu en hulle wil graag leer en die meeste volhard om drie jaar aaneen die klas by te woon.

Dan nog is hul kennis nie wat dit moet wees nie. Die kinders van die Christene en diegene wat die skool besoek het, daarenteen openbaar gewoonlik 'n taamlike kennis van die Bybelgeskiedenis en die Kategismus en 'n mens is soms verbaas oor hul prestasie in hierdie opsig.

Die vyfde Sondagse byeenkoms vind na afloop van hierdie onderrig plaas en dit neem die vorm aan van 'n sangoefening wat onder leiding van die prinsipaal staan. Die hele gemeente is dan een groot koor en die onderwyser leer hulle vierstemmig sing. Hulle sing met groot graagte en dit is 'n plesier om na hulle te luister.

As dit afgeloop is, kom die naturelle weer byeen vir die tweede erediens. Met hierdie geleentheid word 'n kort kategismuspraak gelewer. Ons ondervinding is dat as die Kategismus op eenvoudige en toepaslike wyse verklaar word dit wel ingang by die naturelle vind. Dit is vir ons 'n besondere bemoediging om daaraan te dink dat die heerlike waarhede van ons Kategismus ook wel aan die naturelle bevatlik voorgestel kan word en dit is ons daaglikse ondervinding dat Gods Woord selfs vir die ongeletterde en baar heidene nie onverstaanbaar is nie.



Skoolgebou op Siloam

Die plaaslike helper besoek elke Sondagmôre die omliggende statte en hou daar dienste en ook moedig hy die heidene aan om die erediens by te woon. Ook besoek hy in die week gereeld die heidense statte om daar Gods Woord te bring. In die winter gaan die hele gemeente een Sondag per maand na een van die omliggende kaptein-statte en dan word daar 'n regte sendingdiens gehou. Dit word gedoen ook om die gemeente te leer dat hulle self ook 'n roeping teenoor die heidene van hul eie nasie het.

Na die tweede erediens kuier die Christene by mekaar, en die Sondag bly vir hulle steeds 'n feestelike dag waaraan gewoonlik herinneringe verbind word.

HOOFSTUK 2.

SENDING OP VENTERSTAD EN PHILIPSTOWN.

Die eerste spore van daadwerklike sendingarbeid vind ons op die Sinode van Maart 1897, gehou te Burgersdorp. Daar kom 'n rapport ter tafel van 'n kommissie, op die vorige Sinode benoem en bestaande uit di. W. J. Snyman, D. Postma en J. de Ridder (intussen oorlede) i.s. geleentheid vir sendingwerk: Dat daar geleentheid vir sending bestaan in Humpata nie alleen onder die "mak volk," d.i., die gekleurdes nie, maar ook onder die inboorlinge, en onder Portugese koloniste uit Madeira, wat weliswaar nie heidene is nie, maar Rooms. Die kommissie deel verder ook mee dat daar te Venterstad enige gekleurde lidmate is, wat vroeër tot die Wesleyaanse en Franse Sending gemeentes behoort het, en op hulle versoek, deur die kerkraad van die Gereformeerde Gemeente bearbei word as sendinggemeente. Hieromtrent bevat die rapport ook nog die volgende besonderhede: die gemeente tel ongeveer 100 siele, 25 lidmate, 45 ander volwassenes en 18 kinders. Die kinders ontvang elke dag 4 uur gereeld godsdiensonderwys volgens Gereformeerde beginsels. Elke Woensdagaand is daar vir almal, onderwys in Bybelse geskiedenis, en elke Sondag diens. Die kerkraad het br. Frans Kruger benoem vir die waarneming van die dienste.

Deur die Sinode word besluit dat hierdie sendingwerk op Venterstad sal voortgaan. So het die sendingwerk op Venterstad, waarmee reeds in Mei 1895 'n begin gemaak is, op versoek van 'n aantal gekleurde lidmate van Sinodeweë beslag gekry. Binne 6 maande na hierdie Sinode, op 11 Sept. 1897 word die kerk, deur hulle self gebou, in gebruik geneem. Woord en Sakramente word bedien deur die leraar van die Geref. Gemeente Venterstad, ds. W. J. Snyman, 'n sendingkommissie is deur die kerkraad benoem om die leraar in sy arbeid by te staan. Tugoeffening word gehou deur die leraar en die voormanne (oefenaars) van die sendinggemeente. Sinds 1904 word daar ook gereeld diens gehou in Sesuto.

Op hierdie tydstip het daar verandering gekom. Die kerkraad het tot die insig gekom dat die leiding van die sendinggemeente deur hulle self moet oorgeneem word. Die kerkraad sien nie langer kans om "de verantwoordelikheid van de Zending gemeente alhier op zich te nemen aangezien . . . er onder hen bekwame mannen genoeg zijn om dienst te doen als ouderlingen en diakenen." So rapporteer die kerkraad aan die Algemene Vergadering van die K.P. Die resultaat hiervan sien ons toe op 7 Julie 1905 op advies van die Algemene Vergadering die eerste ampsdraers gekies en voorgestel is. Na 'n tienjarige bearbeiding het dit nou gekom tot die stigting van 'n eerste Gereformeerde Kleurlinggemeente. Die gemeente stel hom onder leiding en toesig van die kerkraad van die blanke gemeente. Drie van hierdie eerste kerkraadslede is nog in die lewe, nl., Mias Jesaja, George Stagler en Isak Jansen. In 1907 word 'n onderwyser aangestel teen 'n salaris van £1/5/- per maand. In 1913 het daar moeilikhede opgeduik. Op die Sinode van daardie jaar te Steynsburg kom die volgende beskrywingspunt ter tafel: Daar word 'n plan beraam dat die Sakramente aan die sendinggemeente van Venterstad bedien word deur die sendingleraar ds. P. Bos om in ooreenstemming met die sinodale besluit van 1869 in sake gelykstelling, die besware by baie gemeentes teen die sendingwerk weg te neem. In verband met hierdie beskrywingspunt kom daar ses voorstelle ter tafel. Die voorstel wat aangeneem is was as volg: Die beskrywingspunt ter oorweging aan die kerkraad van Venterstad te stuur. Wat die uitkoms van die oorweging was kan daaruit afgelei word dat die bediening van Woord en Sakramente nog steeds deur die leraar van die blanke gemeente daar behartig word.

In die tyd van sy bestaan is die gemeente bedien deur die volgende oefenaars: Brs. Frans Kruger, 1895-1916; P. C. Coetzee, vader van wyle ds. J. V. Coetzee, 1916-1920; F. P. Coetzee, 1925-1946; Andréas Coetzee, 1946-1949, terwyl br. P. J. van Rooy sinds 1949 as oefenaar aan die gemeente verbonde is. In die jare 1920-1925 het een van die lidmate van die sendinggemeente, genoemde ouderling George Stagler, opgetree as oefenaar. Onder br. F. P. Coetzee het hy ook nog hulpdiens verrig. Toe is deur die

kerkraad 'n kar en perde aangekoop, waarmee hy op verskillende plase van Gereformeerde lidmate, ook in aangrensende distrikte, gereelde dienste gaan hou het. So is daar voortgegaan met sendingwerk van uit die gemeente. Dan moes gereeld verslag gedoen word van hierdie werk, bv. die aantal bywonings van hierdie buitendienste. Verskillende bekeerlinge is deur hom voorberei vir die belydenis van die geloof.

Teenswoordig bestaan die gemeente uit 87 belydende en 48 dooplidmate.

Die geskiedenis van die sendinggemeente op Philipstown begin met die bemoeiing van ds. T. Hamersma. Sondags het hy na die gevangenis gegaan om daar vir die gevangenes diens te hou. Hierdeur het die volk daar in hom hulle geestelike leidsman begin sien.

Die teenswoordige gemeente het sy ontstaan te danke aan lidmate wat oorgekom het van die Etiopiese Sending. Hierdie Etiopiese Sendinggemeente het dit sover gebring om die mure van hulle kerk te voltooi. Die gebou het dakloos bly staan weens gebrek aan fondse, en ook as gevolg daarvan dat hulle predikant op 'n sekere tyd uit hulle midde verdwyn het. Toe het hulle die toevlug geneem na ds. H. S. van Jaarsveld wat die goeie werk deur ds. Hamersma daar begin, voortgesit het. Hulle versoek was dat hulle as Gereformeerde Kleurlinggemeente herstig sou word. Intussen is deur die *weduwee* van dr. Baird 'n bedrag geskenk vir die voltooiing van die gebou, mits dit sal geskied onder toesig van ds. van Jaarsveld. As die versoeke altyd maar dringender word om onder beskerming van die Gereformeerde Kerk te kom, word die saak deur die kerkraad voorgedra aan die Part. Sinode, wat dan ook daartoe besluit. Op 3 November 1944 word die Kleurlinggemeente gestig in aanwesigheid van deputate van die Algemene en Partikuliere Sinode. Die volgende verteenwoordigers was aanwesig: di. D. G. Venter, G. C. P. vd. Vyver, I. J. Lessing en verder ds. H. S. van Jaarsveld. en die sendingkommissie van die plaaslike kerkraad, oudll. P. J. H. Potgieter en I. D. Vorster. Daar was 8 lidmate teenwoordig waaronder 2 manslidmate. Die manslidmate is aangewys die een as ouderling, die ander as diaken. Br. P. J. H. Potgieter is benoem tot oefenaar. By sy vertrek word hy opgevolg deur br. C. J. Venter, die teenswoordige oefenaar. Die gemeente het gegroei veral deur aansluiting van lidmate uit ander kerke, en deur kinders wat tot belydenis gekom het. Die gemeente tel tans 20 belydende lidmate. Die kerkraad bestaan uit 3 ouderlinge en 1 diaken.

HOOFSTUK 3.

DIE GEMEENTES OP DIE RAND

"Gaan dan heen, verkondig die evangelie aan alle kreature .. "

Plek: 'n Kliprantjie op ons sendingterrein in die Moroka-lokasie.

Tyd: Sondagoggend enkele jare gelede.

Deelnemers: Ds. H. du Plessis, 'n belangstellende en 'n naturellehelper.

Meubels: Niks, behalwe 'n grammofoon.

Die toneel is tipies van 'n lokasie: Hier — omring deur klein en groot — is 'n afnemer doenig met sy kamera; daar sny 'n ander hare terwyl naturelle lui rondlê in die warm son; kinders baljaar oral luidkeels rond; groepies naturelle kuier in die paadjies op-en-af.

"Speel maar."

Met 'n gesukkel word die grammofoon reggesit en gewyde liedere gespeel.



*Ds. Hugo du Plessis en sy eggenote—
grondlêers van ons sendingwerk.*

Ons trek aandag: naturellevroue en kinders skuif ongemerk nader; 'n paar stoele verskyn uit nabygeleë hutte; 'n paar naturelle staan nader. Een, 'n hoofman, stuur 'n klonkie om sy baadjie te gaan haal. Saggies neurie die vroue saam, dan sing hulle self. Die stemming kom reg en die diens verloop goed.

"Ons is Boere. Ons bring die kerk van Paul Kruger."

Ons wil ook 'n skool bou. Dan is daar belangstelling, verwagting.

"Meneer," sê 'n vrou, "gaan julle 'n skool bou? Julle moet ons kinders uit die vuur trek."

Ja, die moederhart, of dit nou wit is of swart, brand vir haar kind. Ons moet die naturel vind deur sy kind en deur sy vrou.

So het die sending in Moroka begin.

Die Rand is 'n uitgebreide, digbewoonde streek wat slinger van Randfontein en

Krugerdsdorp in die weste oor Johannesburg na Benoni, Brakpan en Springs in die ooste, ruim 60 myl van mense aanmekaar. Dis die lewensaar van ou Transvaal met sy goudmyne, sy industrieë en sy nywerhede. Honderdduisende mense — blank en nie-blank — woon hier, werk hier, ontspan hier. 'n Oom van die platteland kon die gewoel van die Goudstad maar nie kleinkry nie en het vol verbasing uitgeroep: "Maar waar kry hulle kos vir die duisende, mense?"

Die Klassis van Johannesburg het al geruime tyd die sendingwerk daadwerklik aangepak. Daar is in die geloof gearbei. In stilte is daar gewerk, baanbrekerswerk. Die Gemeente Johannesburg-Noord, die sendende gemeente, gesteun deur die ander gemeentes van die Klassis, beroep ds. H. du Plessis as missionêre leraar. Geld word opgeneem en 'n mooi skoolgebou verrys te Moroka.

'n Broeder word aangewys as organiseerder vir die Klassis. Hy spreek alle kerkrade toe en beklemtoon:

(a) Die kerk van Christus is in sy wese sendingkerk. Dis Gods bevel: "Gaan heen en verkondig." Paulus het ten alle tye getuig. Die Heidelbergse eis van my dat elk myself as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy.

Die storie bewys dan ook dat wanneer die Kerk geestelik ryk is, daar baie sendingywer is. Wanneer daar weinig sendingywer is, verkeer die Kerk in 'n laagtepunt, immers sending vereis opoffering en inspanning. Hoe meer die Kerk roeping bewus is, des te groter is sy sendingywer.

(b) Ons Boerevolk het hier op eie bodem 'n eie lewens- en wêreldbeskouing gevorm. In 'n worstelstryd teen barbare moes hy hom ten bloede toe verdedig teen naturelle. Die Boer is geskok deur verkeerde sending. Negrolisme met sy leer van gelykstelling het die Boer tot in sy siel gegrief. Die skool het in slegte reuk gestaan. Daar was antipatie, daar was teenstand. Ons kan dit wel verstaan maar ons mag dit nie billik nie. Ons word tot die sending geroep, dringend geroep. Die oes staan ryp op die akkers.

(c) Die Rand het die spil, die middelpunt, geword van ons sendingterrein. Hier is massa's naturelle saamgetrek van ooste en weste, honderdduisende van hulle. Hier in die stede is ook die sielkundige middelpunt, die slagaar van die Bantoe-lewe. Hier ook is die broeiplekke van ongeregtigheid, die voedingsbodem van kommunisme. Ons bestaan, die bestaan van die witman, is op die spel.

Hier moet die saad gesaai word. Hoe heerlik tog is die sending. Vraag: "Ek was vervul met entoesiasme vir die sending; ek het op my plaas 'n kerkie gebou vir die naturelle in my diens; ek het 'n voorganger laat kom en . . . wat vind ek? Hy behoort aan 'n sekte!"

Antwoord: "Hoe heerlik sou dit nie gewees het nie as die naturel kon sê: "Meneer, ek behoort aan die Gereformeerde Gemeente van Moroka. Ek het by moroeti Du Plessis geleer."

En waarom kan dit nie?

U vra: Is daar liefde vir die saak? Is daar helpers? Is daar geld? Is daar vooruitgang?

Ja daar is. Daar is baie voorbeelde wat die kleingelowige beskaamd laat staan.

Die susters van die omliggende gemeentes het 'n rommelverkoop te Moroka gehou. Aangesien die sementvloere van die skool nog klam was, moes ons noodgedwonge buite verkoop. Helpers en goed was daar van orals: karre met predikante en hulle eggenotes, dames van die stad, belangstellendes.

Hier veil ds. Hattingh 'n broek op; daar keer mev. (ds. J Venter van Krugerdsdorp die meidjies terug. In die tent word die dames verdring, die primus kantel om Ons word toegesak deur die naturelle, nie boosaardig nie, maar gretig om te koop. 'n Mens kry mos nie aldag sulke goeie goed so goedkoop nie! Ons vlug die skool binne. Spore in die sement getuig nog van daardie gedenkwaardige dag. Polisie kom help om die gedrang te beheer. Daar by 'n venster verkoop 'n sersant kinderklere . . . !

'n Woning is nodig vir 'n naturelle-helper. Die susters skenk £75, 'n huis word gevind en gekoop.

Br. J. Toxopeus bou 'n mooi kerk vir die naturelle in sy diens op sy pragtige plaas Strubenvallei. Feestelik word dit in gebruik geneem. Wil u 'n mooier gebaar hê van die Christen se houding teenoor die Bantoe? Is dit nie navolgenswaardig nie? Ons kwoteer wat eerw. T. C. Estherhuizen, sekretaris van die N.G. Sendingraad van die Rand by die geleentheid gesê het:

"'n Skaar van belangstellende blankes en 'n bemoedigende aantal naturelle het die gebou in besit geneem. Die hele gewyde funksie het my siel geroer. Hierdie tipe gebaar van goeie wil moet herhaal word . . . Die kleurlinge en naturelle wil iets aanskouliks sien. 'n Sierlike kerk is die sterkste bewys van die goeie wil van die Afrikaners . . . Dit sal ons volksvyande onder die blankes die swye oplê. . . . Hierdie geloofsdaad moet 'n magtige uitdaging wees tot 'n praktiese sendingaksie dwarsdeur ons land."

Ja, baie harte klop warm vir die sending. By die deurblaai van die kasboek vind ons:

5.4.1950: Bydrae br. X £100.

14.6.1951: Bydrae vriend £50.

27.2.1952: Geskenk Geref. sustersbond £98.11.0.

7.3.1952: Susters Geref. send. J'burg-Noord £70.

21.8.1952: Donasie Bybelkring Johannesburg £5.

3.11.1952: Geref. susters Florida £34.14.1.

Dis maar enkele grepe hier-en-daar geneem.

Onbekend is onbeminde.

Om daardie rede is daar tans die volgende reëling by Moroka om die gemeentes van die Klassis Johannesburg in die geleentheid te stel om sending van naby te leer ken: Een keer per maand word die verskillende gemeentes uitgenooi om deputate te stuur om die naturelle-diens in die skool by te woon. Dis indrukwekkend, enersyds omdat dit vreemd is en andersyds omdat jy dan verbaas staan oor jou eie onkunde omtrent die naturel.

Ja, dat die naturellekinders pragtig sing, dit weet ons. Dit bekoor ons en ons praat met lof daarvan. Maar neem hierdie Bantoe-gemeente 'n slaggie in oënskou: daar is baie kinders, daar is baie vroue . . . maar waar is die mans dan? Waarom is hulle nie hier nie? Miskien sit die mans by die bierpotte. Of sou hulle meen dat die evangelie effens benede hulle waardigheid is? Dat dit sagte kossies is vir die swakkeres??

Ds. Du Plessis preek. Links van hom staan 'n helper wat in Soetoe tolk; regs van hom miskien 'n Soeloe wat die preek in sy eie taal weer gee. Hoe vreemd is dit tog!

Sendingwerk het baie probleme. Sendingarbeid vra geloofsmoed en geloofsvertroue. Bid u ooit vir die manne en vroue wat aan die voorpunt staan? Hulle doen wat u en ek eintlik binne ons eie kring moes doen volgens ons Christenskap.

Het u al probeer om die Bantoe se sielelewe te peil? Let 'n bietjie op sy eienaardige voordrag. Nie net die woorde nie, maar die gelaatsuitdrukking, die handgebaar, die hele liggaam praat saam. Hy lewe intens.

En sy kleurryke beeldspraak: Die "Slang" is die tornado, daardie gevreesde warrelwind. As daar gedagte is om ds. Jojakim te beroep word hom gesê van die slagyster waarin hy sal trap. Baie honde (d.w.s. samewerking tussen die kerke) sal satan moeg maak. Hulle moet die lees (van die Woord) eet.

Maar moet ons dan nie naturelle-leraars oplei nie? Seker en gewis. Die ideaal is dat die Bantoe ook op geestelike en kerklike terrein selfonderhoudend moet wees. Daar word reeds geruime tyd aan die opleiding van naturelle gewerk. Ds. Du Plessis is voortdurend daarmee besig maar glo my dis nie 'n kleinigheid nie.

Onlangs moes ons twee helpers wat as predikante opgelei wil word, keur.

"En toe, waar het jy geleer?" "Meneer, by moroeti Kruger van Springs." "So, en hoekom wil jy predikant word?" "Meneer, die Woord moet voortgang hê."

As die leestoets maar swakkies vorder, word aan hom gesê dat hy die pêrel op sy oog wat sy gesig belemmer, moet laat verwyder. Die St. Johns-ooghospitaal sal dit gratis doen. (Dis dan ook kort na hierdie ondervraging gedaan.)

"Die Bybel, is dit in jou taal of Afrikaans of Engels geskrywe?" "A nee a, meneer" (met genoegdoening).

"Wat dan?"

Nou word kop gekrap maar die triomfantelike "Hebrew" red hom. "En waar het die Jode gewoon?" "Die Holy Land." "Is dit baie ver hiervandaan?" "Meneer, dis darem ver en ook nie so baie ver nie," (Diplomaties!). "Ja?"

"Dis . . . e, dis anderkant Egypt."

Albei aansoeke is toegestaan.

By die deurblaai van die notuleboek van die sendingdeputate van die Klassis Johannesburg vind 'n mens nogal insiggewende gegewens. Die eerste notule is onder datum 5 Junie 1948. Verrassend: Die sending alhier is nog geen vyf jaar oud nie en kyk wat alles al tot stand gekom het. Voorwaar, die Here het kennelik die arbeid geseën. 'n Nuwe arbeidsveld is ontgin sonder geld en met min kennis van stadsaangeleenthede, die verstedelike naturel, die plaaslike omstandighede. Maar in die geloof is daar gewerk en deur die geloof het die Here groot dade onder ons gedoen. Aan Hom alleen die eer.

Die hele aangeleentheid is deeglik in oënskou geneem. Die aanvoorwerk is op hegte grondslag geplaas. Let daarop dat samewerking met die N.H. of G. kerk gesoek word sodat daar geen kiem van verdeeldheid onder die naturelle gesaai word nie. Die verhouding tot en die samewerking met die Regering word noukeurig bepaal. Ook die kerklike verband met meerdere vergaderings word geëerbiedig. Hierdie vergadering neem ook die volgende besluit: Die onderwysowerhede word via die meerdere vergaderings gevra om die geleentheid te skep om blanke kinders op hoërskool in staat te stel om naturelle-tale veral Soeloe en Sesoetoe as derde taal te kies. Hoe mooi is die gees en gesindheid teenoor die naturel wat hieruit straal.

Versiende is ook die versoek om die Sinodale Deputate te vra'om 'n skool vir die opleiding van sendingarbeiders vir alle sendingwerk te Johannesburg op te rig. Gaan hierdie ideaal in die nabye toekoms verwesenlik word?

Op hierdie vergadering word die gemeente Melville as sendende gemeente aangewys. Hoe pragtig het hulle dit nie gedoen nie. Wat die fondse betref is die donasies van die twee broers Toxopeus wat vir drie jaar elk £100 jaarliks gee, 'n ware uitredding. Hierdie eerste notule sal seker nog later as 'n gedenkwaardige dokument beskou word.

Op 'n vergadering van 17-9-1949 word besluit om 'n organisator-penningmeester te kies. Hy moet die gemeentes besoek en die insameling van fondse bevorder. (Vandag word dit allerweë erken dat 'n saak die beste spoed wanneer persone as organiseerders optree en intensief werk).

25 *Maart* 1950: (a) Perseel no. 7 in die lokasie te Moroka word van die stadsraad van Johannesburg verkry. (b) Van die Part. Sinode Suid-Transvaal kry ons £800 jaarliks vir sendingwerk.

21 *Okt.* 1950:(a) 'n Boukommissie word benoem om 'n skoolkerk te Moroka te laat bou. (b) Daar word met blydschap kennis geneem dat ds. H. du Plessis die roeping as missionêre leraar aanvaar het en begin 1951 werksaamhede sal begin.

13 *Junie* 1951:Die leerlingtal te Moroka is reeds 200 en daar word besluit om by die T.O.D. aansoek te doen vir 'n staatsondersteunde skool.

25 Aug. 1951: Die gebou is op 11 Aug. 1951 feestelik in gebruik geneem. (Terloops: Die skool is deur naturelle self—onder toesig van die departement naturelle onderwys gebou. Dis weereens 'n openbaring van die grondgedagte dat die naturelle in alles, selfonderhoudend moet word.)

24 Nov. 1951: Daar word kennis geneem van die ingebruikneming van die kerkgebou te Strubenvallei.

20 Sept. 1952: Daar word begroot vir 'n totale uitgawe van £1900 vir die Klassis van Johannesburg vir sy sendingaksie.

Hierdie grepies dien slegs om die leser 'n beeld te gee van die ontwikkeling en omvang van die sending aan die Rand slegs binne die gebied van die Klassis van Johannesburg. Die geldelike verpligtings toon met hoeveel daadkrag daar gewerk word.

Die sendingterrein brei voortdurend uit. Ou lokasies lê nog onbearbei, nuwe lokasies kom van tyd tot tyd by. Daar word geywer om orals standplase vir sendingposte op sentrale plekke te kry. Die jongste verwikkeling is om 'n geskikte terrein op 'n middelpunt te kry vir die daarstelling van 'n opleidingsinrigting. Die kwessie van helpers, onderwysers en predikante vir die sending word nou uiters dringend. Die tyd is ryp daarvoor en almal sal die hand aan die ploeg moet slaan.

Ds. Du Plessis het—naas sy veelvuldige pligte as missionêre leraar (hy bedien die sakramente oor die hele Rand)—ook nog die opleiding van leerkragte onder hom. Tans word daar ses helpers opgelei, 3 van Strubenvallei en 3 te Moroka. Hulle skoolpeil is ongeveer std. ses of bietjie hoër. Die studie duur drie jaar. Die kandidate vorm feitlik 'n belydenisklas. Daarbenewens moet hulle ook self kan voordra en verder sluit hulle pligte huisbesoek in.

Die opleiding vir predikant duur 3 tot 4 jaar. Daar is 7 kandidate. Die onderwyspeil is ongeveer std. 8. Die studie vind plaas te Moroka waar daar vier keer per week les gegee word. Die studie is breed en sluit in: dogmatiek, etiek, homiletiek en kerkgeskiedenis. Die tale is Afrikaans, Engels en Soetoe. Skrifverklaring vers-vir-vers is noodsaaklik. Verder is daar die praktiese werk soos voordrag, huisbesoek en hulp in buiteplekke.

Die dagskool: Te Moroka is, daar 290 leerlinge, met vier onderwysers. Natuurlik is die skooltjie te klein en word daar more- en middagsessies skoolgehou. Die tale is Soetoe, Soeloe en Venda.

Te Strubenvallei is daar 88 leerlinge met twee meesters. 'n Interessante voorval hier was dat ouers geweier het om hulle kinders skool toe te stuur omdat daar geen fasiliteite was vir moedertaalonderwys nie! Nadat hierdie saak in die reine gebring is, het die onderwys sommer gevlot.

'n Kleurling Maas is gevra om te kom help met sendingwerk. Hy telegrafeer: "Beroep aangeneem "

Laat ons 'n kykie neem by die werkklas van die vroue: Hulle vergader gereeld, so ongeveer 25 masadies. Johanna Madiba, die helper Daniel se vrou, open met gebed en skriflesing en daarna gesels die vroue daarvoor dikwels onder leiding van mev. Du Plessis. Hierdie groepie vroue vorm nogal 'n hegte eenheid saamgebind deur verpligtings wat getrou nagekom moet word. Hulle moet gehoorsaam wees, hulle moet gereeld en getrou die byeenkomste bywoon, hulle mag geen bier drink nie, hulle moet siekes en gevallenes besoek. Ja, en dan verdien hulle die onderskeidende kleredrag: 'n swart uitrusting bestaande uit rok en lang baadjie met 'n groot wit kraag. Verder dra hulle 'n swart baret. Hierop is hulle baie trots. Hulle wil baie graag 'n kenteken hê, maar ongelukkig ontbreek die middele om 'n stempel te laat maak, voorasnog.

Hierdie werkklas hou hulle self verder besig met naaldwerk. Hulle het 'n naaimasjien present gekry en dis 'n plesier om te sien hoe vaardig sommige van die vroue daarmee is. Voorskote en slope word gemaak en verkoop om geld vir die kas te kry. Hierdie beginsel van diens word orals beklemtoon.

Om enigsins 'n oorsig oor die sendingarbeid aan die Rand te kry volg nou in hooftrekke 'n paar besonderhede:

1. *Moroka*: Dis die middelpunt.

Hierdie Bantoe-gemeente aan die Rand is gestig op 18 Mei 1952. Die ampte is ingestel, ampsdraers is gekies "en die gemeentelike werk kon geordend voortgaan. Daar is elke Sondag diens en katkisasie.

Ledetal: 120 volwassenes.

Dagskool: 290 kinders en 4 meesters.

Vanuit hierdie middelpunt gaan helpers en ouderlinge na Albertynsville, Kliptown en New Look waar leedsdienste gehou word en die sending bevorder word. Selfs Strubensvallei anderkant die berg word gehelp.

2. *Strubenvallei*:

Hier is 75 lidmate en die skool het 88 leerlinge met twee onderwysers, waarvan die hoof opgelei word vir predikant. Hier het Soni, die helper, sy hande meer as vol. veral met nagmaalstye. Onlangs moes hy 22 dopelinge inskrywe. Praat nie van die spelprobleme met al die name nie, om nie eers die gesukkel met die geboortedatums te meld nie! Verder moes elke doopouer 'n briefie kry (elk van de zyne) en die 2/6 dankoffers aangeteken word. Om arme Soni se laste nog groter te maak was daar 16 nuwe natuurlike wat aangesluit het. Hulle name kom natuurlik in 'n register. Ja-nee, elkeen het maar sy probleme in die lewe.

3. *Springs*:

Veral br. Schuurman beywer hom besonder vir die sending. Hierdie gemeente tel ongeveer 50 belydende lidmate. Tiekie is die helper en hy moet huisbesoek doen. Die vier nagmaalsbedienings per jaar word deur ds. H. du Plessis waargeneem.

Die werk alhier word gestrem omdat daar geen geboue is nie. Ons het in die nuwe lokasie Kwa Thema egter 'n standplaas verkry en die verwagting is dat daar dan intensief gewerk kan word.

4. *Brakpan*:

Veral br. Nagel beywer hom besonder vir die sending. Die helper Ben is daar nou voltyds in diens. Ook hier word die Sakramente gereeld bedien. Weereens is die klagte dat geboue ontbreek. Op die oomblik word daar gebruik gemaak van 'n garage.

5. *Benoni*:

Hier bestaan daar nog nie 'n gemeente nie. By die deurlees van 'n verslag kom 'n mens baie sterk onder die indruk van die taaie volharding wat die blanke gemeente aldaar aan die dag lê. Wanneer een poging op 'n bepaalde plek misluk word 'n ander plan elders aangepak. Verder is daar ook geen moeite en opoffering ontsien om 'n vergaderplek te bekom nie. Met geringe koste is daar darem nou 'n onderdak. Hierdie ywer stimuleer belangstelling in wyere kring wat weldadig aandoen.

Ook hier maak die dagskooltjie met twee leerkragte pragtige vordering. Kinders word alleen toegelaat indien hulle die katkisasie ook bywoon. Langs hierdie *weg* word sending op 'n hegte grondslag geplaas.

6. *Ontdekkers*:

Br. Griffioen is hier reeds geruime tyd besig met garage-sending. Hier is tans ongeveer 40 natuurlike wat voorberei word vir doop en belydenis. Die behoefte is geweldig en gewillige hande is o, so nodig. Daar is 5 Bavendas van Louis Trichardt wat hier wil leer en hier na die kerk wil kom.

7. *Krugersdorp*:

Op die plotte word daar garage-sending gehou. Elke Sondag gaan Jakobus van Moroka

af daarheen vir ongeveer 'n twintig persone. Hier is dus 'n geopende deur.

8. *Turffontein*:

Br. G. Coetzee het daar 'n begin gemaak met garage-sending. Om die twee weke gaan daar 'n diaken van Moroka heen. Nog stemme wat roep.

Uit hierdie beknopte oorsig is dit ten oorfloede duidelik dat die hele Rand van Oos na Wes met sy honderd-duisende naturelle as 't ware soos 'n Macedoniese man voor ons verskyn met die noodroep: Kom oor en help ons!

Wat doen U en ek?

Daar is nodig: geboue en weereens geboue.

O, die naturel wil tog so graag iets sien! Hy wil sy kerk sien waarop hy trots is. Hy wil die klok hoor lui wat hom kerk toe roep! Die vrou wil onderskeidende klere dra. Daar moet 'n wapen wees wat haar anders maak as andere. Laat ons hulle daarin help. Die beginsel van voorgdyskap is so 'n pragtige Christelike lewensbeskouing.

Daar is nodig: helpers en weereens helpers.

Kerklike helpers, predikante en skoolmeesters.

Hoe gouer die Blanke hom kan terugtrek, des te beter. Maar dan moet daar eers 'n hegte fondament wees, gelê deur die skool en bestendig deur die kerk.

Dis verblydend om te kan konstateer dat die Gereformeerde Kerk goed aangeskrywe staan by die plaaslike sowel as by die staatsowerhede. Ons suiwere belydenis is ten eerste daarvoor verantwoordelik, maar ook ons nugtere benadering van die naturelle-probleem doen weldadig aan. Dis 'n voorreg wat ons dankbaar aanvaar maar dit lê des te groter verantwoordelikheid op die Gereformeerde Kerk.

Ten slotte dit:

Die gedagte om prof. Bavinck van Nederland uit te nooi het op die Rand ontstaan en is deur die Teologiese Senaat te Potchefstroom verwesenlik. Die besoek van hierdie erkende deskundige op die gebied van die sending was vir ons 'n heuglike gebeurtenis en word in dankbare herinnering gehou. Baie van ons is geroer deur die innige Gods-vertroue deur dr. Bavinck vertolk. Hoe nietig tog is die mens, daarom:

SOLI DEO GLORIA.

Aan God alleen die eer.

HOOFSTUK 4.

GEMEENTES REDDERSBURG EN BURGERSDORP.

In die behandeling van die sendingarbeid op De Hoop en buiteposte dink ons met dankbaarheid aan wat deur die gekombineerde gemeentes Burgersdorp en Reddersburg en hulle onderskeie sendingkommissies, saam met die deputate van die Partikuliere Sinodes van Kaapland en O.V.S. gedoen is. Ook word gedink aan die baie persone wat op die kommissies gedien het. Dit was dae van aanvoorwerk, beginwerk en het gepaard gegaan met baie probleme en moeilikhede waarvan die grootste seker was die karigheid van die fondse. Hierdie broeders het gewerk in die geloof en in die Naam van die Here, in gehoorsaamheid aan die sendingbevel: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies." Die Here het aan ons kerk manne en vroue gegee wat hulle arbeid en middele gegee het tot uitbreiding van Gods koninkryk. Ook moet melding gemaak word van die onbaatsugtige dienste van Sinodale Deputate en laaste maar nie die minste nie moet genoem word die name van ds. Hugo du Plessis, wyle ds. J. F. Erasmus en ds. H. A. Louw met hulle eggenotes en die name van broeder en suster J. M. Lessing.


Uit die notule van die eerw. Kerkraad van die Gereformeerde Gemeente van Burgersdorp blyk dit dat op 26 Julie 1941 broeder J. F. Venter met broeder P. Kruger as secundus afgevaardig is na Siloam. Albei broeders het toe gegaan en op 20 September 1941 rapporteer hulle in sake die noodsaaklikheid van sendingarbeid onder die heidene. Indien Burgersdorp onderneem om as sendende gemeente op te tree sal die eerw. Kerkraad alleenlik finansiële verantwoordelikheid dra vir sy deel van die bydrae en die kostes van deputate na die sendingveld. Dit is dus wenslik dat Burgersdorp met Reddersburg sal kombineer om as sendende gemeentes op te tree.

Op die kerkraadsvergadering van 1 November 1941 moes besluit word of wel so 'n kombinasie aangeaan sal word. Die volgende voorstel is egter met meerderheid van stemme aangeneem: "Dat Burgersdorp se gemeente se plig en roeping in die eerste plek is om hulle eie huis reg en skoon te maak en eers hulle skuld te betaal voordat hulle instaan vir £40 vir die beroep van 'n sendingleraar."

Hiermee is die gedagte van kombinasievorming en die beroep van 'n sendingleraar van die tafel. Maar nou lees ons in notule van 2 November 1941: "Die Kerkraad van Burgersdorp het met dankbaarheid 'n vriendelike aanbod ontvang van sekere sendingvriende in ons gemeente wat die £40 vir die nuwe sendingskema waarborg vir vyf jaar."

En dit is met dankbaarheid dat ons die name van hierdie broeders noem wat vir vyf jaar die geldelike verpligtinge nagekom het. J. J. Kruger, P. S. Venter, W. van Rooy, P. Kruger, J. A. Coetsee, M. van Rooy en A. V. Kruger en andere.

In die notule van die Kerkraad Reddersburg 21 Maart 1942 lees ons: "Nadat die eerw. Voorsitter die Kerkraad van die nodige inligting voorsien het en die voorwaardes voorgelees het waarin Reddersburg en Burgersdorp die sendingleraar moet beroep, besluit die Kerkraad om br. Erasmus, wat sy propenentseksamen voltooi het, aan die gemeente voor te hou as enigste persoon vir die tweede sendingleraar. Op 'n gemeentevergadering is prop. Erasmus toe beroep, waarna die drie besoekende leraars t.w. di. Venter, H. F. V. Kruger en Vorster die gemeente gelukwens met die voorreg om saam met Burgersdorp roepende gemeente te wees."



Ds. J. F. Erasmus.

Ds. J. F. Erasmus het hierdie roeping aanvaar en is op 25 April 1942 deur ds. A. S. E. Yssel van Reddersburg op Burgersdorp in die amp as sendingleraar van Siloam met arbeidsterrein De Hoop bevestig. Op 16 Mei is ds. Erasmus verwelkom te Reddersburg waar ook o.a. ds. S. J. van der Walt en mej. Ras, verloofde van ds. Erasmus aanwesig was, en op 31 Mei is sy eerwaarde ontvang te Siloam waar ds. I. J. van der Walt van Louis Trichardt namens die sendende gemeentes die woord gevoer het en in sy nuwe werkkring verwelkom het.

Op 'n vergadering van Maart 1943 is deur die sendingkommissie Burgersdorp-Reddersburg besluit om so gou moontlik 'n besoek aan die sendingveld te bring om te bepaal waar die hoofstasie vir die nuwe terrein moet wees. Die aanvangswerk het met baie moeilikhede gepaard gegaan. Die

kommissie wat die sendingveld moes besoek het bestaan uit ds. A. S. E. Yssel en br. P. Kruger.

Hier moet melding gemaak word van die bemoeienisse van die Sinodale Deputate en veral van ds. P. J. de Klerk. Hulle het tyd en kragte ingespan in die bevordering van sendingbelange.

Intussen word ds. Erasmus gevra om self na 'n geskikte plek uit te sien waar hy en sy eggenote sal woon totdat die deputate in oorleg met hom kan vasstel waar hy hom in die toekoms sal vestig. Op 7 November van dieselfde jaar rapporteer die deputasie by monde van dr. Jooste dat besluit is om die plaas De Hoop van 'n sekere mev. Terblanche aan te koop. Hierdie plaas is 347 morges, 300 morges word aangekoop teen £5 per morg en 47 morges word deur die verkoopster as 'n geskenk aan die kerkverband gegee met die oog op sending. Die geagte suster is baie hartlik bedank vir haar gulle bydrae.

Verskillende moeilikhede en probleme waarmee te kampe was, het hulle voorgedoen. Ds. Erasmus moes bv. eers die taal van die Bawenda aanleer; daar was nie die nodige fondse vir die buiteposte wat 'n essensiële deel van die sendingarbeid is nie; die saak van die werkmethode en die verhouding tussen die sendingkommissie en Sinodale Deputate moes nog in die reine gestel word. Wie dra bv. die kostes vir geboue? Die watervoorsiening by De Hoop was ook nie in orde nie. Dis so goed te begrype dat aanvoorwerk ook probleme oplewer.

Op 22 Julie 1944 word 'n eerste keer op De Hoop vergader. Hier was teenwoordig: dr. S. J. van der Walt en br. P. C. Pretorius (namens sendingkommissie) en di W. J. Snyman en I. D. Kruger (Deputate Part. Sinode Kaapland en O.V.S.). Hier word o.a. die volgende besluite geneem: "'n Skool te De Hoop op te rig; Andries die status van oefenaar te gee (Hy was reeds lid van die kerk sedert 1912); te laat boor vir water; die land suid van die huis en vrugteboom aan ds. Erasmus te gee vir bewerking; 'n deel van die plaas aan die natuurlike te verhuur vir weiding vir hulle vee; 'n kliniek daar te stel," en so meer. 'n Besoek aan die sendingveld *het* elke keer sy vrugte afgewerp.

Mev. Erasmus het al reeds begin met 'n handwerkklas. Die buiteposte is uitmekaar en party verafgeleë en kan alleen met moeite en opoffering bereik word. Daar was ook 'n groot tekort aan helpers en onderwysers wat onontbeerlik is vir suksesvolle bearbeiding. Poginge word aangewend om van die Stofberg Gedenkskool helpers te kry. Maar dit was ook sonder die gewenste resultate.

Op 21 Maart 1945 word gerapporteer dat daar reeds 'n begin gemaak is met die oprigting van 'n kerkgebou op De Hoop. Op die hoeksteen lees ons: "Gereformeerde Sendingkerk De Hoop Ef. 2:20-21." In hierdie teksverse lees ons: "gebou op die fondament van die Apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in Wie die hele gebou saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here.

Van die werk van ds. Erasmus op De Hoop en omstreke lees ons in die rapport van die



Kerkgebou: De Hoop

deputate aan die Sinode van 1945. Ds. Erasmus kon met die seën van die Here met die werk voortgaan, hoewel die arbeid baie vertraag is deurdat dit so 'n lang tyd geneem het om vir hom 'n woning te kry. Hierby kom nog dat die sendingposte baie uitmekaar geleë is en party van hulle in reëntyd glad nie eers bekombaar is nie. Gebrek aan helpers en onderwysers asook goeie geboue het nog verder die arbeid bemoeilik. Op party plekke is die groot stryd nie teen die heidendom as sodanig nie, maar teen die verheidenste Christene

en ander sendinggenootskappe. Tog het onder dit alles die werk in die nuwe sendingveld Karmel, onder die seën van die Here, vooruitgegaan. Daar is groot moontlikhede vir die sendingwerk vanaf De Hoop. Aansoek is gedoen vir verskillende ander sendingposte na die kant van die Laeveld toe. (Sien Hand. 1945, bl. 138.)

Die Sinode besluit dat met groot dankbaarheid aan die Here goedkeurend kennis geneem word van die verdere uitbreiding van ons sending en van die geseënde arbeid wat daar verrig word deur ds. J. F. Erasmus.

Bietjie meer dan 'n jaar later is ds. J. F. Erasmus skielik weggeneem. J.V.C. skryf in die Almanak van 1947: "'n Baie swaar slag—ons kan byna sê 'n ramp—het die Gereformeerde Kerk getref aan die einde van Junie 1946, toe wyle ds. J. F. Erasmus, missionêre leraar op die sendingstasie, De Hoop, deur 'n tragiese geweerongeluk die lewe gelaat het in die ouderdom van nog geen 32 jaar nie. Ongeveer vier jaar lank het die jonge broeder op die sendingveld van die Gereformeerde Kerk in die Soutpansberge gearbei waar hy die grondslae van 'n nuwe sendingterrein heg en stewig gelê het. Plotseling het hy heengegaan in die bloei van sy lewe—'n man van wie ons nog sulke hoe verwagtings gekoester het. Tereg het ds. J. A. Schutte wat die begrafnis op Brits gelei het, dan ook gesprek oor Psalm 77:20: "O God, u weg is in die see en u paaie in groot waters en u voetstap is nie te beken nie."

Met ds. Erasmus se heengaan het 'n jong weduwee met twee kindertjies agtergebly. Ds. Erasmus en 'n paar vriende het agter die Soutpansberge, ver van die huis, gaan wild skiet. Hulle het die middag op die kampplek aangekom en nog dieselfde aand gaan skiet. Toe hulle uit die motor klim het een van die geselskap 'n patroon in sy haelgeweer gesit. Onverwags het die skoot afgegaan en hom in die sy en ingewande getref. Hy was dadelik bewus dat hy dit nie sou oorleef nie.

Dr. S. J. van der Walt skryf in "Die Kerkblad": "Terwyl sy vriende hom ondersteun het, het hy 'n gebed opgestuur tot sy God en sy siel aan Gods genade opgedra.

Hy is toe vervoer na die plaaswoning daar naby, waar hy kalm en vol geloofsvertroue sy einde afgewag het. Hy het allerlei boodskappe vir sy dierbares nagelaat en o.a. ook die begeerte uitgespreek dat sy tweejarige seuntjie eendag vir predikant moet leer. Verder het hy alles gereël in verband met sy begrafnis en ook gesê waar hy begrawe moet word.

Die dokter het uiteindelik opgedaag van Louis Trichardt af. Maar toe was sy kragte reeds so verswak dat hy beswyk het omtrent drie uur nadat hy die skoot gekry het.

Die volgende môre het die geselskap aangekom by sy niksvermoedende vroujie op De Hoop. Toe moes sy die verpletterende boodskap hoor. So verbysterend en skokkend was die berig dat al die bediendes en naturelle van die huis af weg gehardloop het en eers later weer terugkeer het."

So het die eerste fase in die sendingarbeid op De Hoop afgesluit. Dit eindig *met* die skielike heengaan van 'n veelbelowende jong leraar.

Dit was vir die sendingaksie op De Hoop 'n geweldige terugslag. Dadelik is uitgesien na 'n persoon om toesig te hou oor die eiendomme en werk op De Hoop en 'n persoon wat die werk tot 'n mate kon laat voortgaan. Op 5 Desember 1946 is die persone gevind nl. broeder en suster J.M. Lessing. Ons dank die Here vir hulle opofferende en liefdevolle dienste. Hulle name sal altyd bekend staan in die geskiedenis van die sendingarbeid op De Hoop. Die sendingwerk het nog maar allerlei praktiese probleme bly oplewer. Ook op die tydstip was daar by die sendingkommissie nog nie volle duidelikheid ten opsigte van toesig oor en verantwoordelikheid vir eiendomme en geboue nie.

Die tyd het intussen aangebreek dat weer 'n sendingleraar vir De Hoop sou beroep word. Die wenslikheid word uitgespreek dat Burgersdorp en Reddersburg weer sou kombineer om as sendende gemeentes 'n beroep uit te bring. Intussen het die gedagte ontstaan dat waar ander terreine dringend roep om sendingarbeid daar ook gedink moet word aan 'n nuwe verdeling van kragte. Die naam word genoem van die nuwe goud area in die Oranje Vrystaat. Ook was daar die geval dat die laste van die sending sover Burgersdorp betref in die verlede alleenlik deur 'n aantal sendingvriende gedra is. Reddersburg het onmiddellik besluit tot nuwe kombinasievorming. In die notule van die eerw. Kerkraad van Burgersdorp lees ons dat op 17 September 1948 "die beginsel aanvaar is om met Reddersburg in kombinasie te gaan maar die bekragtiging van die kerkraadsbesluit van die gemeente te verkry." Op 6 November 1948 is met groot meerderheid van stemme die kombinasievorming met Reddersburg goedgekeur deur die gemeente. Hiermee is 'n saak wat sedert 1942 nog nie kerkregtelik in orde was nie, nou in die reine gebring.

Op 3 Desember 1948 is prop. H. A. Louw met algemene stemme tot sendingleraar op De



Ds. H. A. Louw, eggenote en kind.

Hoop beroep. Hy het die roeping aanvaar. Op 27 Februarie 1949 is sy eerw. deur ds. A. L. Aucamp van Burgersdorp te Reddersburg bevestig, waar ook teenwoordig was dr. B. J. de Klerk, ds. L. S. van der Walt en ds. I. D. Kruger. Nadat ds. Louw ook officieel ontvang is deur die gemeente Burgersdorp het die geagte broeder vertrek, eers na Siloam en later na De Hoop. By die onthaal te Siloam het ds. C. E. Malan gespreek namens die sendende gemeentes Burgersdorp-Reddersburg. Op 15 Mei 1949 is toe weer afskeid geneem van broeder en suster Lessing.

In Junie-Julie 1949 het ds. A. L. Aucamp en broeder H. B. Kruger met hulle huisgesinne 'n besoek gebring aan die sendingveld De Hoop. Hierdie besoek het die voordeel gehad dat waar ook baie gedoen en bygedra is deur die Sustersorganisasies, mev. A. F. Aucamp as voorsitster van die Bond ook 'n direkte kontak met die sendingveld, die nood en behoeftes van die naturelle kon kom. Na 'n oproep is ook mildelik deur die susters in Kaapland en O.V.S. bygedra in die vorm van finansiële bydraes, ou klere vir die naturelle, leë medisynebotteltjies en verbande vir die kliniek ens. ens. Ook in belang van die sendingarbeid is deur ons susters baie gedoen.

'n Mens het by jou aankoms op De Hoop, ver in die noordelike bosveld van Transvaal, onder die indruk gekom van die magtige taak wat op die klein en eensame figuurtjie van ds. Louw rus. Hy het hom bevind in die middel van 'n heidendom waar hy deur Gods genade Gods lig moes laat skyn. Hy kon dit alleen doen deur die krag van die geloof en in die Naam van die Here. 'n Besoek namens die sendingkommissie het vir ons geagte broeder baie beteken.

Ook kan ons sien hoe power ons sendingterrein nog was in vergelyking met ander sendingstasies in die nabye omgewing.

In 1950 was dr B.J. de Klerk met sy gesin daarheen. By albei hierdie besoeke het geblyk hoe noodsaaklik gedurige kontak met die sendingveld is? Dit is ook egter duidelik:

Fondse is swak en dit ontbreek aan helpers en onderwysers. In die geloof word voortgearbei. Die moed en volharding van ds. Louw en sy eggenote moet egter bewonder word.

In die begin van 1951 het ds. H. A. Louw 'n beroep ontvang na Siloam. Ds. Hugo du Plessis het onderwyl verhuis na die Rand waar hy werksaam is in die Moroka-lokasie. Op 24 Maart 1951 deel ds. Louw aan die sendingkommissie mee dat hy besluit het om die beroep na Siloam aan te neem. By sy losmaking het dr. B. J. de Klerk die volgende verklaar: "Ds. Louw se arbeid was daar (De Hoop) van korte duur, maar ons arbeid in die saak van die Here is nooit tevergeefs nie. Die toegewyde arbeid en selfverloëning om alleen in die vreemde te gaan arbei is mooi eienskappe en dit word hoog waardeer." Aangesien De Hoop dan nou weer vakant sal wees word ds. Louw gevra om konsulentwerk daar te doen. Die losmaking van ds. Louw sal geskied op Burgersdorp.

Na die vertrek van ds. Louw van De Hoop het die sendingkommissie gepoog om weer 'n blanke oefenaar op De Hoop te plaas. Ongelukkig was alle poginge sonder sukses.

Op 'n vergadering van 23 September 1952 is die volgende besluit deur die sendingkommissie en deputate van die Partikuliere Sinodes van O.V.S. en Kaapland geneem: "In aanmerking nemende (1) die feit dat De Hoop so ver weg is en die sendingaksie daar in die praktyk so baie moeilikhede en belemmeringe oplewer as gevolg van die groot afstande, (2) dat die sendingwerk op De Hoop beter beheer, administreer en bevorder kan word deur die sendende gemeentes van Siloam en die Part. Sinode van Noord-Transvaal (3) dat terreine soos Welkom, Odendaalsrust, Bloemfontein e.a. ook dringende aandag verg, is besluit om 'n deputaatskap bestaande uit di. L. S. van der Walt, G. P. L. van der Linde en A. L. Aucamp te benoem om na oorlegpleging met ander deputate van die Part. Sinodes van Kaapland en O.V.S. (a) hierdie saak met die kommissies van Pretoria-Oos en Brooklyn en deputate van die Part. Sinode Noord-Transvaal te bespreek om die terrein De Hoop oor te neem om Siloam en De Hoop as een terrein te bearbei en (b) indien nodig hierdie selfde aangeleentheid met die deputate van die Generale Sinode te bespreek.

Ook word besluit:

- (1) Aan bogenoemde kommissie word volmag gegee om indien vereis voorlopig 'n bydrae van £500 by te dra vir Noord-Transvaal en sendende gemeentes met 'n jaarlikse vermindering van £100 totdat bydrae dan gestaak is.
- (2) Indien weer gevra moet word vir 'n oefenaar dan het bogenoemde kommissie volmag."

Op 'n vergadering van 10 Desember 1952 rapporteer di. G. P. L. van der Linde en A. L. Aucamp dat die voorstel van 23 September 1952 aanvaar is, en dat di. van der Linde en P. J. de Klerk reeds in opdrag van die Sinodale Deputate 'n besoek aan Welkom gebring het, dat die eerw. Kerkraad van Welkom reeds besluit het om as sendende gemeente op te tree. Op 'n vergadering op Bloemfontein op 21 April 1953 het Welkom officieel die taak as sendende gemeente vir die O.V.S.-goudvelde aanvaar en is die kommissie Burgersdorp-Reddersburg ontbind en is die sendingkommissie van hulle taak onthef.

Dus vanaf April 1953 sal De Hoop bearbei word deur die sendende gemeentes Pretoria-Oos en Brooklyn met behulp van die Part. Sinode van Noord-Transvaal.

In die twaalf jaar het die sendingarbeid op De Hoop gevoelige terugslae gely, maar tog kon die werk in die Naam van die Here sy loop hê en het Gods Woord weerklink onder die heidene. Mag die Here die werk van mense -hande daar bevestig en mag sy onmisbare seën ook nog verder rus op die arbeid wat in sy Naam gedoen word dat dit mag strek ook tot uitbreiding van Gods koninkryk en verheerliking van Gods Naam.

Hoofstuk 5.

VROEËRE SENDING IN ANGOLA.

Die geskiedenis van die sending in Angola is natuurlik ten nouste verbind met die geskiedenis van die Angola-boere. Die bediendes wat in die jare 1875 en daarna die Dorslandtrek met die Transvaalse Boere saam deurgemaak het, was almal Afrikaanssprekend uit verskillende dele van Transvaal en die Vrystaat. In die jare wat hulle saam met die Boere in die woestyn was, het hulle goed bekend geraak met die Christelike godsdiens volgens die Gereformeerde opvatting. Hulle het saam al die ellende van die Dorslandtrek deurgemaak en menige Afrikaner se oë is in die woestyn toegedruk deur getroue bediendes wat tot op die laaste oomblik aan die sterfbed van hulle baas en nooi gewerk het. Hele families het in die woestyn uitgesterf en die bediendes het van die een familie na die ander oorgegaan.

Toe die trek eindelijk te Humpata toe gekom het en elke Afrikanerfamilie langs die watervoor sy vaste woonplek gekry het, het die bediendes ook hulle stasie gekry en huisies gebou en mooi lande en tuine aangelê.

In Desember 1881 het ds. J. Lion-Cachet op 'n besoek aan die Angolaboere by Humpata aangekom. Hy het die gemeente besoek, opnuut gereorganiseer en die sakramente bedien. Ook die bediendes is nie vergeet nie, en met die stellige belofte dat ds. Cachet hulle belange in Transvaal nie sou vergeet nie is hulle na hulle stasie terug. 'n Aantal jare het verloop voordat Humpata 'n eie leraar gekry het en toe het ds. D. Postma ook aan die kleurlinge hulp verleen. 'n Ou kerkie van die blankes is vir hulle reggemaak en daar het hulle hul eerste dienste gehou. Ds. Postma het spoedig baie siek geword en moes weer na Suid-Afrika vertrek. Ds. L. P. Vorster het toe Humpata besoek en ook vir die kleurlinge dienste gehou.

In 1894 het ds. C. J. H. Vorster 'n beroep na Humpata aangeneem. Hy was vergesel van mnr. P. Biewenga en die het met die sendingwerk begin. Hy het nie lank daar gebly nie, maar na Nederland teruggekeer. Spoedig het hy egter na Angola teruggekom en weer onder die verstrooide kleurlinge begin arbei. Onder leiding van ds. Vorster is 'n stuk grond gekoop en 'n kolonie vir kleurlinge is toe daar gestig. In 1903 het ds. T. Hamersma die blanke gemeente van Humpata besoek en ook 'n besoek gebring aan die kleurlinggemeente wat nog altyd deur mnr. Biewenga bearbei is. Die eksamenpapiere wat deur die Kuratore nagesien was, was goedgekeur en mnr. Biewenga is as proponent toegelaat. Hy is tot predikant gevestig van die kleurlinggemeente en in Augustus 1903 is die eerste bekeerling gedoop. Volgens die doopboek is op 6 Augustus 1903 gedoop: Titus Meyer sr. — geboorte onbekend — dieselfde dag het hy belydenis van geloof afgelê, en is op 31 Augustus 1906 doodgeskiet in die Cumatie-oorlog. Hy was uit die heidendom bekeer, volgens 'n aantekening in die lidmateboek, deur ds. Biewenga self ingevul. Die volgende op dieselfde dag was Tom Beetsjoeana. Ook die dag van sy geboorte was onbekend. Geen ander aantekening is in die Doopboek oor hom gevind nie. Persoonlik weet ek dat ou Tom 'n jagter was van mnr. Erickson, die bekende olifantjagter. Een van sy seuns was die bekende "Oorlog", wat vir jare die skrik was van die Portugese regering en heel Angola.

Ook op 16e Augustus 1903 is nie minder nie as 29 volwassenes gedoop en het hulle belydenis van hulle geloof afgelê. Bekende name kom daar onder hulle voor soos Deetsember Draaier, Jacob Kaba, Jan Slagveld, Kaatje Burg, Maal Majatje Mapela, Christiaan Feer Draaier, ens. Dieselfde dag is ook 34 kinders gedoop. Eienaardig is dat die gegewens reeds baie meer noukeurig opgegee is en dat ook die gegewens in die huweliksregister baie noukeuriger is. Die eerste huwelik het plaasgevind op 18 September "in het jare onzes Heeren een duizend acht honderd negen en negentig" tussen Christiaan Mapela geb. 5 Oktober 1875 en Sabina Katharina Kaba geb. 19 Augustus 1881.

Het huwelijk door my voltrokken, w.g. P. Biewenga.

Neves 17 Sept. 1899.

Vanaf 16 Augustus 1903 tot op 21 Des. 1908 is 127 volwassenes en kinders gedoop. In 1906 het wyle ds. P. C. Snyman Humpata besoek en 'n baie gunstige getuienis oor die sendinggemeente afgelê.

In 1906 is ds. P. Biewenga deur die blanke gemeente Qué beroep en hierdie roeping is deur sy eerw. opgevolg. Die blanke gemeente van Humpata het in 1907 proponent H. Pasch beroep, wat die beroep aangeneem het. Ongelukkig het onder die blanke gemeente van Humpata 'n verdeeldheid uitgebreek wat later so ernstig geword het dat een gedeelte die gemeenskap met ons kerk verbreek het en aangesluit het by die Ned. Hervormde kerk.

Die sendinggemeente het toe sonder 'n eie leraar gebly, maar mnr. P. Nannings uit Amsterdam (Nederland) is aangestel as godsdiensonderwyser en skoolonderwyser. In 1910 het hy in diens getree van 'n Engelse handelaar en transportryer. So is die sendingwerk weer gestaak en die gemeente het begin verstrooid raak.



Mnr. H. Graphorn terwyl hy in Angola sendingwerk gedoen het.

In 1909 is mnr. H. Graphorn deur dr. N. Mansvelt, Superintendent van Onderwys tydens die regering van President Kruger, gevra om die onderwys van die Dorslandboere te reël. In Oktober het hy nog na Angola vertrek en het in November in Lobitobaai aangekom. Hy het 'n aantal transportryers in Benguela ontmoet en met hulle op pad gegaan na Qué, waar hy na 'n tog van 20 dae aangekom het. Ds. Biewenga het toe nog op Qué in die pastorie gewoon en daar was ook 'n Nederlandse handelaar, mnr. P. van der Smit. Mnr. Graphorn het toe spoedig daarna met ds. Biewenga na Cubal, 'n wyk van Qué gegaan. Daar het hy die eerste skool op die 2de Januarie 1910 geopen op die plaas van mnr. J. H. v.d. Merwe, die ouderling van die wyk. 'n Groot aantal kinders is in die skool toegelaat en gasvry opgeneem deur Tanta Catharina v.d. Merwe. Daar is alleen toegelaat dat onderrig *gege*e mag word in lees, skryf, reken en Bybelse geskiedenis en Kort Begrip. Geen onderrig in natuurkennis of geskiedenis is toegelaat nie, want dit is uit die natuur en alles wat uit die natuur is, is sondig.

In dieselfde jaar, in Mei, is hy genader deur 'n aantal kleurlinge wat vroeër te Humpata gewoon het en lidmate was van die Gereformeerde sendingkerk, met die versoek om oor te kom na hulle woonbuurt, wat toe deur die Afrikaners Drilburg genoem is en deur die Portugese Rio Cuilo. 'n Aantal van die kleurlinge het langs die lopies in die nabyheid gewoon o.a. Christiaan Feer Draaier en sy vrou Regina en hulle kinders, ook Jacob

Roberts en sy vrou Mita en hulle kinders, en nog 'n groot aantal andere. Hulle was almal 'n hele ruk sonder skool en godsdiensonderwys. Met die aankoms op die stasie was die vreugde groot. Die huis van Titus Meyer is aan die oefenaar afgestaan as 'n pastorie. Nog dieselfde aand het al die kleurlinge vir die eerste keer op die nuwe stasie bymekaar gekom om "boeke te vat." As eerste psalm om te sing is opgegee Psalm 42 vers 1:

't Hygend hert, der jagt ontkomen,
Schreeuwt niet sterker naar 't genot van
de frissche waterstroomen,
Dan mijn ziel verlangt naar God.
Ja mijn ziel dorst naar den Heer;
God des levens, ach! wanneer zal ik
naadren voor uw oogen;
In uw huis uw Naam verhoogen?

Almal was onder die indruk van die oomblik en van die oues, het hulle trane die vrye loop gegee. 'n Moeilike tyd het toe aangebreek, want alles moes van die grond af opgebou word. Ons moes banke en 'n swartbord maak, en later 'n nuwe pastorie bou. Geld om voorrade te koop het ons nie gehad nie, en daar was ook nie winkels in die nabyheid nie. Ons enigste liggie in die aand was 'n blikkie met lampolie waarin 'n gaatjie gemaak is en hierin het ons 'n lappie gesteeek.

Die Algemene Vergadering van die K.P. het die behartiging van die sending opgedra aan die sendingkommissie, waarvan ds. D. Postma sekretaris was. Die sendingkommissie het my toe aangestel tot oefenaaronderwyser teen 'n salaris van £3 per maand. Van die £3 moes ook baie keer papier, penne en ink gekoop word en 'n deel het nog na die armes gegaan. In Oktober 1910 het ek 'n reis begin na Humpata om die sendingstasie aldaar te besoek, en te sien hoe dit met die lidmate van die sendingkerk aldaar gesteld was. Daar ek geen rytuig of wa gehad het nie, moes ek die hele afstand te voet aflê en snags in die oop veld langs 'n vuurtjie slaap. Die tog het 10 dae geduur en eindelijk het ek op 'n Saterdagmiddag op die sendingstasie aangekom. Daar was 'n tamelike pastorie, waar ds. Biewenga vroeër gewoon het en nou opgepas is deur ouderling KleinRuiters en sy vrou. By die pastorie was ook 'n netjiese kerkgeboutjie. Die volgende môre het die hele gemeente opgekom en die blydschap was groot, want dit was al 'n geruime tyd dat geen dienste meer gehou was nie. 'n Groot aantal van die ou bekende Dorstrandtrekkers het nog geleef, hulle het nog met die ou Boere uit Transvaal gekom. Een van die mees bekende was ou Patjierol, wat met al ons predikante saamgegaan het as kok. Toe die kerk uitkom vra ouderling Ruiters se vrou hom of hy nie saam wou gaan om 'n koppie koffie te drink, maar hy sê: "Nee dankie, Suster, geef my maar een snuifie, want die Hollander heef my die harte week gemaak." Later is Patjierol met my saam na die boerefamilies wat daar gewoon het. Ons is saam na die Robbertses, na oom Willie Chapman, Stoffel van Vuuren en andere. Ook mnr. Herman Smit wat leiding gegee het aan die ontevredenes teen ds. Pasch, is deur my besoek. Ek het 'n maand op Humpata gebly en toe is besluit dat die meeste lidmate na Rio Cuilo sou trek. Hierna is ek weer na my nuwe sendingstasie terug en het na 'n tog van 8 dae in Oktober weer in Rio Cuilo aangekom.

Die taal van die kleurlinge in skool en kerk was Nederlands en hulle het dit uitgespreek met 'n Groninger aksent, wat hulle van ds. Biewenga oorgeneem het. Die taal van die inboorlinge was Umbundu en dit was beslis gewens dat ons die taal sou aanleer. Die taal was baie moeilik om te leer, want daar was nog geen boeke in druk nie en ons moes dit dus uit die mond van die naturelle neerskryf en dan aanleer. Eers het ons maar baie naamwoorde geleer soos imbo—huis, elungulu—vark, utue—kop, ohumba—mandjie, en daarna eenvoudige sinnetjies soos, ongomba yove yaposoka—jou osse is mooi, ens. Later het ons ook die vervoeging van werkwoorde geleer soos onvoltooide teenwoordige tyd, Ndi lavulula—oppas, ove o lavulula, eye lavulula, etu lavulula, ene vu lavululi en ova va luvulula. Telwoorde soos 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9 en 10 was mosi, vali, tatu, kuana, tano, epandu, epandu-vali, ecinana eceha en ekui. Ons het ook eenvoudige liederes gesing soos:

Nasi lekamba liange
Ekamba luitima;
Wa li vang'oku usola
Ka kuli wasoka lai (bis)

(Wysie: Ik heb 'n wapenbroeder).

Vertaal:

Ik had my kamerade
'n Hartevriend
Hy het my voorheen lief gehad,
Elkeen wat Hom volg het hy lief.
Geen beter vriend as hy nie.

Lukas 6 verse 27 en 28 is as volg vertaal: Haimo ndu sapuila wakuaku yeve siti soli avo vo kuata ukuse lingi lawa ko kuava vo suvuka.

Sivayi ava vo sinana lombeli ava va wasa efuki.

In Junie 1911 het 'n brief van ds. D. Postma die sendingstasie bereik waarin meegedeel is dat die belange van die sendingstasie voortaan behartig sou word deur die kerkraad van die gemeente Middelburg, K.P. "Uw salaris hebben wy ook verhoogd tot £50 p.a. Ds. van der Walt zal uw salaris zenden voor 't April-Juni kwartaal," het ds. Postma geskryf.

in die eerste jaar het ek ernstige aanvalle van malaria gekry wat my baie kere op die rand van die graf gebring het, maar elke keer het die Here my genadiglik gespaar. Natuurlik was ook die versorging baie gebrekkig en het gebrek aan goeie voedsel baie te wense oorgelaat. Die sterfte onder die kleurlingkinders was ook ontsettend groot.

Die werk het ongehinderd voortgegaan en die stasie het mooi uitgebrei. Wat ons die meeste gekwel het, was die feit dat die sakramente al jarelank nie meer aan die gemeente bedien is nie. Daar was al 16 kinders gebore wat nog nie die sakrament van die Heilige Doop ontvang het nie. Van die 16 het in die 5 jaar al 6 gesterf. In Maart 1913 sou die Sinode op Steynsburg gehou word en in oorleg met ds. van der Walt het ek besluit om die Sinode by te woon.

In November het ek vertrek en na 'n moeilike reis in Kaapstad aangekom. Die ontvangs was oral baie hartlik en die belangstelling in die werk van die sending groot. Na die Sinode is ek oor Nederland weer na die sendingveld terug. Die werk op die sendingstasie het onder twee ouderlinge voortgegaan. Noukeurig het hulle verslag gedoen van die werk wat verrig is. Om die sielelewe van die naturel te verstaan wil ek graag hierdie een gebeurtenis meedeel. Tydens my afwesigheid het 'n jonge vrou ontug gepleeg met 'n blanke, 'n Portugees. Die ouderlinge het dit gehoor en haar lank en ernstig vermaan. Sy het ernstig berou gehad en hulle het saamgebied. "En het julle haar toe weer in die gemeente opgeneem?" het ek die twee ouderlinge gevra. "Ja, meneer" was die antwoord, "maar toe het ons haar eers nog gestraf deur haar 25 houe met 'n sambok tussen die blaai te gee."

In 1913 het ek weer herhaalde aanvalle van malaria gekry, sodat ek in November genoodsaak was om weer na Suid-Afrika te gaan. Op die Algemene Vergadering van Molteno het ek beloof om weer na Angola terug te gaan, maar my dokter het aan die kerkraad geskryf dat ek selfmoord sou pleeg as ek na Angola sou terugkeer en sodoende het ek toe in Suid-Afrika gebly. Na my vertrek uit Angola is die arbeid onder die kleurlinge nie weer hervat nie. Wat van die Gereformeerde lidmate van ons Sendingkerk geword het, weet ons nie.